# HOOFSTUK 8

# DIE DIENSTEKOMPONENT

## 8.1 INLEIDING

Die volgende dienste word in hierdie hoofstuk behandel:

1. Handel
2. Busdienste
3. Koerante
4. Onderwys

Owerheidsdienste word in 'n afsonderlike hoofstuk bespreek.

## 8.2 HANDEL

### 8.2.1. DIE HANDELSTRUKTUUR VAN DIE VAALDRIEHOEK

In elkeen van die dorpe van die Vaaldriehoek kan 'n bepaalde rangorde van handelskonsentrasies waargeneem word. In Ver= eeniging kan vier kategorieë van die rangordeleer van Berry (1963, pp 112-116) waargeneem word, naamlik:

1. 'n Sentrale sakegebied wat 70 persent van die dorp se 1 122 handelsondernemings huisves.

2. Twee gemeenskapsentrums, naamlik die Checkers-Multi= mark in Arconpark en die Pick N Pay-Hipermark in Bedworthpark.

3. Woonbuurtsentrums en winkelkonsentrasies in Drieri= viere, Risiville, Duncanville, Steelpark en Vereeniging Uitbreiding 1.

4. Hoekwinkels wat verspreid in die woonbuurte en klein= hoewegebiede voorkom.

Benewens bogenoemde onderskeiding word daar 'n groepering van Indiërwinkels in die suidelike gedeelte van die sentrale sake= gebied aangetref. Die Indiër-winkelsentrum (Asiatiese Basaar) wat ook hier geleë is, huisves 75 van hierdie ondernemings. Daar word veral gespesialiseer in klerasie en materiale.

Meyerton se handelskonsentrasies toon die volgende rangorde:

1. 'n Sentrale sakegebied waar 90 persent van die dorp se 180 handelsondernemings gehuisves word.

2. 'n Woonbuurtkonsentrasie in Rothdene.

3. Hoekwinkels in Kliprivierdorp, Meyerton Farms, Meyerton Uitbreiding 3 en Riversdale.

In Vanderbijlpark word die volgende rangorde aangetref:

1. 'n Sentrale sakegebied waar 41,6 persent van die 677 handelsondernemings van die dorp aangetref word. Die Checkers-Hipermark aan die oostelike grens van die sentrale sakegebied kan as 'n integrale deel van die gebied beskou word.

2. Woonbuurtsentrums of winkelkonsentrasies is deur die hele dorp versprei met 'n groter konsentrasie in die gebied ten noorde van die deurpad tussen Vereeniging en Vanderbijlpark. Die grootste winkelkonsentrasie word in woongebied C.E 6 aan= getref. Hierdie winkelkonsentrasie het weens die afwesigheid van 'n sentrale sakegebied gedurende die eerste vyftien jaar van die dorp se bestaan, meer ontwikkel as wat oorspronklike beplan is (Vanderbijlpark-Munisipaliteit, 1980).

3. Slegs nege ondernemings kan as hoekwinkels of geïso= leerde ondernemings geklassifiseer word.

Sasolburg se handelskonsentrasies toon die volgende rangorde:

1. 'n Sentrale sakegebied in woondeel 5 waar 59 persent van die dorp se 247 handelsondernemings gehuisves word.

2. 'n Gemeenskapsentrum (Grootfontein) met 'n groot supermark as magneet, in woondeel 23.

3. 'n Woonbuurtsentrum in woondeel 1.

4. Hoekwinkels in woondele 2, 4, 12 en 15 en ander geïsoleerde ondernemings in woondele 3, 6 en 23.

In Tabel 8.1 word 'n uiteensetting gegee van die verskillende soorte handelsondernemings wat in die Blanke dorpe van die Vaaldriehoek aangetref word. Die getalle van elke soort onderneming en die verhouding van die ondernemings tot die be= volking word ook aangetoon. Vir die berekening van bogenoemde verhouding is die totale stedelike bevolkings van die dorpe (Blankes, inwonende Swartes, Kleurlinge en Asiate) in aanmerk= ing geneem. Die getalle vir die verskillende dorpe is soos volg: Vereeniging 60 680, Meyerton 12 600, Vanderbijlpark 61 240 en Sasolburg 26 020.

Die Swart woongebiede het verskeie handelsondernemings en is dus nie ten volle afhanklik van die handelsondernemings in die Blanke dorpe nie. 'n Aparte tabel (Tabel 8.2) is dus vir die Swart woongebiede saamgestel. 'n Aparte tabel was ook nodig omdat die aard van die handelsondernemings in die Swart woon= gebiede in sommige opsigte verskil van dié in die Blanke dorpe.

Bogenoemde twee tabelle maak dit moontlik om tekortkominge in die voorsiening van funksies en dienste asook spesialisasie in die voorsiening van bepaalde funksies en dienste te onderskei.

As daar gelet word op die aantal ondernemings in elke kategorie en die verhouding tot die bevolking, blyk dit dat Vereeniging beter voorsien is van die meerderheid handelsondernemings as die ander dorpe van die Vaaldriehoek.

| | VEREENIGING | | MEYERTON | | VANDERBIJLPARK | | SASOLBURG | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GETAL | VERHOUDING TOT BEVOLKING | GETAL | VERHOUDING TOT BEVOLKING | GETAL | VERHOUDING TOT BEVOLKING | GETAL | VERHOUDING TOT BEVOLKING |
| FINANSIEEL | | | | | | | | |
| Banke, bouverenigings en versekering | 64 | 1: 948 | 13 | 1: 964 | 32 | 1: 1 914 | 20 | 1: 1 301 |
| Makelaarsfirmas en eiendomsagente | 48 | 1: 1 264 | 6 | 1: 2 100 | 26 | 1: 2 355 | 9 | 1: 2 891 |
| Subtotaal | 112 | | 19 | | 58 | | 29 | |
| KLERASIE EN SKOEISEL | | | | | | | | |
| Klerasie | 96 | 1: 632 | 11 | 1: 1 145 | 33 | 1: 1 856 | 8 | 1: 3 253 |
| Skoeisel | 23 | 1: 2 638 | 3 | 1: 4 200 | 13 | 1: 4 711 | 4 | 1: 6 505 |
| Subtotaal | 119 | | 14 | | 46 | | 12 | |
| HUISHOUDELIKE BENODIGDHEDE | | | | | | | | |
| Elektriese toestelle | 30 | 1: 2 023 | 3 | 1: 4 200 | 17 | 1: 3 602 | 5 | 1: 5 204 |
| Glas- en breekware, eetgery en ornamente | 4 | 1:15 170 | 1 | 1:12 600 | 2 | 1:30 620 | 1 | 1:26 020 |
| Huishoudelike weefstowwe | 22 | 1: 2 758 | 2 | 1: 6 300 | 11 | 1: 5 567 | 2 | 1:13 010 |
| Meublement | 49 | 1: 1 238 | 5 | 1: 2 520 | 36 | 1: 1 701 | 8 | 1: 3 253 |
| Musiekinstrumente en plate | 7 | 1: 8 669 | 1 | 1:12 600 | 4 | 1:15 310 | 2 | 1:13 010 |
| Radio's, radiogramme en televisie | 9 | 1: 6 742 | 3 | 1: 4 200 | 11 | 1: 5 567 | 2 | 1:13 010 |
| Subtotaal | 121 | | 15 | | 81 | | 20 | |
| MOTORHANDEL | | | | | | | | |
| Motorhawens en -verkope | 66 | 1: 919 | 13 | 1: 969 | 47 | 1: 1 303 | 20 | 1: 1 301 |
| Motorfietse | 8 | 1: 7 585 | 1 | 1:12 600 | 8 | 1: 7 655 | 3 | 1: 8 673 |
| Motoronderdele | 50 | 1: 1 214 | 5 | 1: 2 520 | 29 | 1: 2 112 | 12 | 1: 2 168 |
| Motorherstelwerk | 35 | 1: 1 734 | 5 | 1: 2 520 | 17 | 1: 3 602 | 6 | 1: 4 337 |
| Subtotaal | 159 | | 24 | | 101 | | 41 | |
| PERSOONLIKE DIENSTE | | | | | | | | |
| Droogskoonmakers en wasserye | 12 | 1: 5 057 | 2 | 1: 6 300 | 6 | 1:10 207 | 3 | 1: 8 673 |
| Haarsalonne | 29 | 1: 2 092 | 5 | 1: 2 520 | 31 | 1: 1 975 | 11 | 1: 2 365 |
| Skoonheidsalonne en gimnasiums | 6 | 1:10 113 | 0 | 0 | 5 | 1:12 248 | 2 | 1:13 010 |
| Subtotaal | 47 | | 7 | | 42 | | 16 | |
| PROFESSIONELE DIENSTE | | | | | | | | |
| Argitekte, bourekenaars, ingenieurs, land= meters en stadsbeplanners | 24 | 1: 2 528 | 3 | 1: 4 200 | 14 | 1: 4 374 | 4 | 1: 6 505 |
| Dokters, tandartse en veeartse | 65 | 1: 934 | 14 | 1: 900 | 41 | 1: 1 494 | 29 | 1: 897 |
| Prokureurs | 33 | 1: 1 839 | 5 | 1: 2 520 | 21 | 1: 2 916 | 7 | 1: 3 717 |
| Rekenmeesters en ouditeurs | 11 | 1: 5 516 | 1 | 1:12 600 | 8 | 1: 7 655 | 3 | 1: 8 673 |
| Subtotaal | 133 | | 22 | | 84 | | 43 | |
| VERSKEIDENHEID | | | | | | | | |
| Aptekersware | 29 | 1: 2 092 | 10 | 1: 1 260 | 21 | 1: 2 916 | 7 | 1: 3 717 |
| Bioskope en inrybioskope | 4 | 1:15 170 | 0 | 0 | 4 | 1:15 310 | 2 | 1:13 010 |
| Bloemiste en kwekerye | 9 | 1: 6 742 | 2 | 1: 6 300 | 6 | 1:10 207 | 3 | 1: 8 673 |
| Boeke en skryfbehoeftes | 9 | 1: 6 742 | 1 | 1:12 600 | 6 | 1:10 207 | 3 | 1: 8 673 |
| Dansskole en dansplekke | 7 | 1: 8 669 | 1 | 1:12 600 | 4 | 1:15 310 | 2 | 1:13 010 |
| Elektrisiëns, loodgieters en skrynwerkers | 25 | 1: 2 427 | 6 | 1: 2 100 | 14 | 1: 4 374 | 5 | 1: 5 204 |
| Fietse | 8 | 1: 7 585 | 1 | 1:12 600 | 3 | 1:20 413 | 1 | 1:26 020 |
| Fotograwe en fotografiese toerusting | 8 | 1: 7 585 | 1 | 1:12 600 | 6 | 1:10 207 | 2 | 1:13 010 |
| Hotelle | 7 | 1: 8 669 | 2 | 1: 6 300 | 5 | 1:12 248 | 1 | 1:26 020 |
| Juweliers en horlosiemakers | 14 | 1: 4 334 | 3 | 1: 4 200 | 13 | 1: 4 711 | 2 | 1:13 010 |
| Kantoortoerusting en fotokopiëring | 23 | 1: 2 638 | 0 | 0 | 5 | 1:12 248 | 3 | 1: 8 673 |
| Karavane en kampeertoerusting | 5 | 1:12 136 | 1 | 1:12 600 | 7 | 1: 8 749 | 2 | 1:13 010 |
| Kunswinkels | 4 | 1:15 170 | 1 | 1:12 600 | 3 | 1:20 413 | 1 | 1:26 020 |

| SOORT ONDERNEMING | VEREENIGING | | MEYERTON | | VANDERBIJLPARK | | SASOLBURG | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GETAL | VERHOUDING TOT BEVOLKING | GETAL | VERHOUDING TOT BEVOLKING | GETAL | VERHOUDING TOT BEVOLKING | GETAL | VERHOUDING TOT BEVOLKING |
| VERSKEIDENHEID (vervolg) | | | | | | | | |
| Pandjieswinkels | 10 | 1: 6 068 | 1 | 1: 2 600 | 10 | 1: 6 124 | 1 | 1:26 020 |
| Rekenaardienste | 2 | 1:30 340 | 1 | 1:12 600 | 1 | 1:61 240 | 0 | 0 |
| Speelgoed | 8 | 1: 7 585 | 1 | 1 12 600 | 7 | 1: 8 749 | 1 | 1:26 020 |
| Sportware | 9 | 1: 6 742 | 3 | 1: 4 200 | 4 | 1:15 310 | 2 | 1:13 010 |
| Troeteldiere | 2 | 1:30 340 | 0 | 0 | 1 | 1:61 240 | 1 | 1:26 020 |
| Ysterware, boumateriaal, verf en glas | 47 | 1: 1 291 | 9 | 1: 1 400 | 32 | 1: 1 914 | 9 | 1: 2 891 |
| Subtotaal | 230 | | 44 | | 152 | | 48 | |
| VERVOER | | | | | | | | |
| Huurmotors | 13 | 1: 4 668 | 1 | 1:12 600 | 3 | 1:20 413 | 1 | 1:26 020 |
| Lugdiens | 1 | 1:60 680 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 1:26 020 |
| Meubelvervoer | 10 | 1: 6 068 | 3 | 1: 4 200 | 13 | 1: 4 711 | 3 | 1: 8 673 |
| Reisagentskappe | 4 | 1:15 170 | 1 | 1:12 600 | 6 | 1:10 207 | 2 | 1:13 010 |
| Subtotaal | 18 | | 5 | | 22 | | 7 | |
| VOEDSEL EN DRANK | | | | | | | | |
| Drankwinkels | 14 | 1: 4 334 | 6 | 1: 2 100 | 8 | 1: 7 655 | 3 | 1: 8 673 |
| Kafees, restaurante en groentewinkels | 106 | 1: 572 | 15 | 1: 840 | 53 | 1: 1 155 | 17 | 1: 1 531 |
| Slaghuise | 40 | 1: 1 517 | 5 | 1: 2 520 | 19 | 1: 3 223 | 7 | 1: 3 717 |
| Supermarkte en afdelingswinkels | 23 | 1: 2 638 | 4 | 1: 3 150 | 11 | 1: 5 567 | 4 | 1: 6 505 |
| Subtotaal | 183 | | 30 | | 91 | | 31 | |
| TOTAAL | 1 122 | | 180 | | 677 | | 247 | |

TABEL 8.1 HANDELSONDERNEMINGS IN DIE DORPE VAN DIE VAALDRIEHOEK - 1980 (HANDELSOPNAME, 1980).

| SOORT ONDERNEMING | BOIPATONG GETAL | BOIPATONG VERHOUDING TOT BEVOLKING | BOPHELONG GETAL | BOPHELONG VERHOUDING TOT BEVOLKING | SEBOKENG GETAL | SEBOKENG VERHOUDING TOT BEVOLKING | SHARPEVILLE GETAL | SHARPEVILLE VERHOUDING TOT BEVOLKING | ZAMDELA GETAL | ZAMDELA VERHOUDING TOT BEVOLKING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ALGEMENE HANDELAAR (vir alledaagse benodigdhede) | 5 | 1: 2 908 | 3 | 1: 4 227 | 104 | 1: 2 140 | 54 | 1: 938 | 2 | 1:10 010 |
| Subtotaal | 5 | | 3 | | 104 | | 54 | | 2 | |
| FINANSIEEL | | | | | | | | | | |
| Banke en bouverenigings | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 1:74 173 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Subtotaal | 0 | | 0 | | 3 | | 0 | | 0 | |
| KLERASIE EN SKOEISEL | | | | | | | | | | |
| Kleremakers en herstellers | 2 | 1: 7 270 | 2 | 1: 6 340 | 8 | 1:27 815 | 3 | 1:16 880 | 0 | 0 |
| Skoenherstelwerk | 2 | 1: 7 270 | 1 | 1:12 680 | 9 | 1:24 724 | 7 | 1: 7 234 | 1 | 1:20 020 |
| Subtotaal | 4 | | 3 | | 17 | | 10 | | 1 | |
| HUISHOUDELIKE BENODIGDHEDE | | | | | | | | | | |
| Hout- en steenkool | 0 | 0 | 0 | 0 | 6 | 1:37 087 | 2 | 1:25 320 | 0 | 0 |
| Subtotaal | 0 | | 0 | | 6 | | 2 | | 0 | |
| MOTORHANDEL | | | | | | | | | | |
| Motorhawens en vulstasies | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 1:55 630 | 1 | 1:50 640 | 0 | 0 |
| Motorherstelwerk | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 1:111260 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Subtotaal | 0 | | 0 | | 6 | | 1 | | 0 | |
| PERSOONLIKE DIENSTE | | | | | | | | | | |
| Droogskoonmaakdepots | 1 | 1:14 540 | 1 | 1:12 680 | 6 | 1:37 087 | 1 | 1:50 640 | 1 | 1:20 020 |
| Haarsalonne | 1 | 1:14 540 | 1 | 1:12 680 | 3 | 1:74 173 | 2 | 1:25 320 | 0 | 0 |
| Subtotaal | 2 | | 2 | | 9 | | 3 | | 1 | |
| PROFESSIONELE DIENSTE | | | | | | | | | | |
| Dokters | 1 | 1:14 540 | 1 | 1:12 680 | 3 | 1:74 173 | 2 | 1:25 320 | 1 | 1:20 020 |
| Subtotaal | 1 | | 1 | | 3 | | 2 | | 1 | |
| VERSKEIDENHEID | | | | | | | | | | |
| Begrafnisondernemers | 1 | 1:14 540 | 0 | 0 | 5 | 1:44 504 | 1 | 1:50 640 | 0 | 0 |
| Fietse | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 1:222520 | 1 | 1:50 640 | 0 | 0 |
| Fotograwe | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 1:111260 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Horlosiemakers | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 1:222520 | 1 | 1:50 640 | 0 | 0 |
| Skrynwerkers, grofsmede en blikslaers | 0 | 0 | 0 | 0 | 8 | 1:27 815 | 1 | 1:50 640 | 0 | 0 |
| Subtotaal | 1 | | 0 | | 17 | | 4 | | 0 | |
| VERVOER | | | | | | | | | | |
| Huurmotors | 4 | 1: 3 635 | 4 | 1: 3 170 | 27 | 1: 8 241 | 16 | 1: 3 165 | 4 | 1: 5 005 |
| Karweiers | 1 | 1:14 540 | 1 | 1:12 680 | 7 | 1:31 789 | 3 | 1:16 880 | 1 | 1:20 020 |
| Subtotaal | 5 | | 5 | | 34 | | 19 | | 5 | |
| VOEDSEL EN DRANK | | | | | | | | | | |
| Drankwinkels en kroeë | 1 | 1:14 540 | 1 | 1:12 680 | 1 | 1:222520 | 1 | 1:50 640 | 2 | 1:10 010 |
| Eethuise | 1 | 1:14 540 | 1 | 1:12 680 | 2 | 1:111260 | 2 | 1:25 320 | 1 | 1:20 020 |
| Kafees, restaurante, varsprodukte en vis | 4 | 1: 3 635 | 6 | 1: 2 113 | 49 | 1: 4 541 | 12 | 1: 4 220 | 3 | 1: 6 673 |
| Slaghuise | 1 | 1:14 540 | 2 | 1: 6 340 | 25 | 1: 8 901 | 9 | 1: 5 627 | 1 | 1:20 020 |
| Subtotaal | 7 | | 10 | | 77 | | 24 | | 7 | |
| TOTAAL | 25 | | 24 | | 276 | | 119 | | 17 | |

TABEL 8.2 HANDELSONDERNEMINGS IN DIE SWART WOONGEBIEDE VAN DIE VAALDRIEHOEK - 1980 (ORANJE-VAAL-ADMINISTRASIERAAD, 1980).

Uit Tabel 8.1 blyk dit dat Vereeniging in verhouding beter voorsien is van uitsoek- en spesialiteitsgoedere-ondernemings as die ander dorpe. Handelsondernemings wat normaalweg as uitsoek- en spesialiteitsgoedere-ondernemings geklassifiseer word, is die motorhandel, klere- en skoenwinkels, huishoudelike benodigdhede en handelaars in diverse handelsware (byvoorbeeld juweliers, bloemiste, sportgoederewinkels). Van Tabel 8.1 kan bereken word dat nagenoeg 521 of 46,43 persent van die 1 122 handelsondernemings in Vereeniging uitsoek- en spesiali=teitsgoedere-georiënteerd is, teenoor nagenoeg 601 ondernemings wat geriefsgoedere-georiënteerd is. Handelsondernemings wat normaalweg as geriefsgoedere-ondernemings geklassifiseer word, is dienste (byvoorbeeld persoonlike dienste, professionele dienste, voedsel- en drankwinkels, ysterwarewinkels, apteke en verversingsdienste). Ofskoon hierdie indeling arbitrêr is, is dit 'n nuttige aanwyser van die kleinhandelstruktuur van die dorpe. Die verhouding van uitsoek- en spesialiteitsgoedere-ondernemings teenoor geriefsgoedere-ondernemings vir die ander dorpe, is soos volg: Meyerton 38,89 persent teenoor 61,11 persent, Vanderbijlpark 45,49 persent teenoor 54,51 persent en Sasolburg 40,49 persent teenoor 59,51 persent. Wat die werk=like getalle van die uitsoek- en spesialiteitsgoedere-onder=nemings betref is Vereeniging baie beter voorsien as die ander dorpe, naamlik nagenoeg 521 teenoor 70 in Meyerton, 308 in Vanderbijlpark en 100 in Sasolburg.

Die handelsondernemings in die Swart woongebiede is oorwegend geriefsgoedere-georiënteerd. Geriefsgoedere-ondernemings beslaan 98,32 van Sharpeville se totale aantal ondernemings, 97,1 persent in Sebokeng en 100 persent in Boipatong, Bophelong en Zamdela.

Die klerehandel is 'n baie belangrike komponent in die handel=struktuur van Vereeniging soos blyk uit die aantal ondernemings en die feit dat Vereeniging meer klerewinkels het as die ander dorpe tesame.

Vereeniging is beter voorsien van banke, bouverenigings en ver=sekeringsmaatskappye as die ander dorpe. Sowel Berry en Garri=son (1958, p. 145) as Beavon (1977, p. 65) het bevind dat hierdie ondernemings 'n hoë posisie op die hiërargiese leer van handels=ondernemings (gerangskik volgens hul drumpelbevolkings) inneem. Alhoewel nie so deeglik voorsien soos Vereeniging nie, blyk dit uit Tabel 8.1 dat Meyerton, Vanderbijlpark en Sasolburg ook goed voorsien is van bogenoemde ondernemings. Daar word dus nie omvangryke wisselwerking op hierdie terreine met Vereeniging voorsien nie.

Van die Swart woongebiede is dit slegs Sebokeng wat in 'n geringe mate van bogenoemde ondernemings voorsien is. Omvangryke wis=selwerking met die nabygeleë dorpe van die Vaaldriehoek word dus veral in die geval van banke voorsien.

Berry en Garrison (1958, p. 145) gee aan klerasie en skoeisel 'n middelposisie op die hiërargiese leer van handelsondernemings. As daar gelet word op die drumpelwaarde wat Berry en Garrison (1958, p. 145) vir klerasie voorstel, blyk dit dat Vereeniging oorvoorsien is wat hierdie tipe onderneming betref, terwyl die ander dorpe 'n aansienlike ondervoorsiening toon. Die aanduiding is dus dat daar in Vereeniging in hierdie bedryf gespesialiseer word - wat die potensiaal vir omvangryke wisselwerking inhou.

Wat die subgroep "huishoudelike benodigdhede" betref is Ver=eeniging beter voorsien as die ander dorpe. In Vereeniging is daar veral 'n konsentrasie van ondernemings wat elektriese toe=stelle, huishoudelike weefstowwe en meubels verkoop.

Geeneen van die ondernemings wat onder bogenoemde subgroep ressorteer kom in die Swart woongebiede voor nie.

Die motorhandel is 'n belangrike komponent in die handelstruktuur van Vereeniging. In sekere opsigte is Vereeniging beter voor=sien as die ander dorpe. Daar is veral 'n konsentrasie van ondernemings wat motoronderdele verkoop en motorherstelwerk doen in Vereeniging - soos blyk uit die feit dat daar meer onderne=mings van hierdie aard in Vereeniging is as in die ander dorpe gesamentlik.

Die Swart woongebiede is baie swak voorsien wat die motorhandel betref. Ondernemings van hierdie aard is beperk tot vier motor=hawens en twee werkswinkels in Sebokeng en een motorhawe in Sharpeville. Bophelong, Boipatong en Zamdela het geen sodanige ondernemings nie. 'n Gebrek aan die nodige kapitaal en 'n beperkte aanvraag is waarskynlik die vernaamste redes vir hierdie verskynsel.

Die motorhandel neem 'n middelposisie in op die hiërargiese leer van handelsondernemings soos voorgestel deur Berry en Garrison (1958, p.145) en Beavon (1977, p. 65). Wisselwerking met Vereeniging op hierdie terrein is dus nie uitgesluit nie.

Die persoonlike dienste-groep (haarsalonne, droogskoonmakers, skoonheidsalonne en gimnasiums) is meestal in verhouding tot die bevolkingsgrootte van die dorpe. Meyerton is die enigste dorp wat 'n leemte het aangesien daar geen gimnasium of skoon-heidsalon is nie.

Wat die subgroep "professionele dienste" betref is Vereeniging beter voorsien as die ander dorpe. Die feit dat Vereeniging oor twee groot hospitale (vir Blankes en Swartes) beskik, is veral verantwoordelik vir die groter aantal dokters in dié dorp. Die groter getal prokureurs kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die Streekhof en die Hooggeregshof se rondgaande afde=ling, wat die hele Vaaldriehoek bedien, sitting in Vereeniging het.

Daar bestaan meningsverskille tussen Berry en Garrison (1958, p. 145) en Beavon (1977, p. 65) oor die posisie van die ver-skillende professionele dienste op die hiërargiese leer. Berry en Garrison (1958, p. 145) gee aan mediese dokters en tandartse 'n lae posisie op die hiërargiese leer terwyl prokureurs 'n middelposisie en rekenmeesters 'n hoë posisie inneem. Alle pro=fessionele dienste het 'n hoë posisie op die hiërargiese leer soos saamgestel deur Beavon (1977, p. 65).

Wat professionele dienste betref bestaan daar groot leemtes in die Swart woongebiede van die Vaaldriehoek.

Wat die subgroep "verskeidenheid" betref blyk dit dat daar in Vereeniging veral 'n konsentrasie van ondernemings is wat kan=toortoerusting voorsien en fotokopiëring doen. Daar is meer van hierdie tipe ondernemings in Vereeniging as in die ander dorpe gesamentlik - wat 'n aanduiding is van moontlike spesiali=sasie op hierdie gebied.

In Vereeniging is daar ook 'n konsentrasie van ondernemings wat ysterware, boumateriaal en glasware verkoop. Die dorp is ook beter voorsien van ondernemings wat fietse en sportware verkoop.

Die Swart woongebiede is baie swak voorsien van die ondernemings wat onder die subgroep "verskeidenheid" ressorteer. Die onder=nemings wat wel daar voorkom, is ondernemings wat ingestel is op die daaglikse leefwyse en behoeftes van die Swart bevolking, naamlik begrafnisondernemings, fietswinkels, fotograwe, horlo=siemakers, grofsmede, skrynwerkers en blikslaers. Hierdie ondernemings is met een uitsondering na in die groot woongebiede Sebokeng en Sharpeville gevestig. Boipatong het slegs een begrafnisonderneming terwyl Bophelong en Zamdela nie een van die ondernemings wat onder hierdie subgroep ressorteer, het nie.

Die subgroep "vervoer" blyk meer gebalanseerd te wees en voor=siening van dienste is meestal in verhouding tot elke dorp se bevolkingsgrootte. Slegs Vereeniging en Sasolburg beskik egter oor 'n lugdiens. Eersgenoemde word meestal vir vlugte na die Witwatersrand en Pretoria gebruik, terwyl laasgenoemde vir vlugte na en van Secunda gebruik word. Die landingstrook by Sasolburg en Vanderbijlpark se vliegveld word deur laasge=noemde lugdiens gebruik.

Vervoer in die Swart woongebiede is beperk tot die talle huur=motordienste, meubelkarweiers en die Vaal Transport-Busmaatskappy. Hierdie busmaatskappy wat die Swart woongebiede van die hele Vaaldriehoek bedien, het sy hoofkantoor in Vereeniging en tak=kantore in Vanderbijlpark en Sasolburg. Aangesien die bus=maatskappy nie in die Swart woongebiede gesetel is nie, word dit nie in Tabel 8.2 aangetoon nie.

Daar is meer slaghuise in Vereeniging as in die res van die Vaaldriehoek gesamentlik. Hierdie konsentrasie van slaghuise is waarskynlik 'n gevolg van die aanwesigheid van die streek= slagpale in Vereeniging. Beavon (1977, p. 65) klassifiseer slaghuise as laer orde-ondernemings. Na alle waarskynlikheid sal hierdie funksie dus ook nie verantwoordelik wees vir groot= skaalse wisselwerking tussen die dorpe nie.

Die Swart woongebiede is oor die algemeen goed voorsien van geriefsgoedere - ondernemings soos verversingsdienste, kafees, kruidenierswarewinkels, groentewinkels, slaghuise, droogskoon= maakdepots en haarsalonne.

## 8.2.2 INKOPEPATRONE


'n Uiteensetting van die inkopepatrone van die bevolking van die Vaaldriehoek sal aantoon of daar omvangryke wisselwerking op hierdie gebied tussen die dorpe bestaan - en indien wel - watter handelsfunksies daarvoor verantwoordelik is.

Tabelle 8.3 (1, 2, 3 en 4) is 'n samevatting van die resultate van die vraelysopname wat in November 1980 in die Vaaldriehoek uitgevoer is (vergelyk Bylae 2). In hierdie tabelle word 'n uiteensetting gegee van die inkopepatrone van die Blanke-, Kleurling- en Asiërbevolkings van die dorpe van die Vaaldriehoek. Zamdela en Sasolburg se gegewens word gesamentlik aangetoon aangesien Zamdela ook by die opname in Sasolburg betrek is.

Die inkopepatrone van die Swart bevolking (met die uitsondering van Zamdela) word in afsonderlike tabelle (Tabel 8.4. 1, 2 en 3) uiteengesit. Hierdie tabelle is gebaseer op 'n studie wat in 1973 en 1974 deur die Buro van Marknavorsing van die Uni= versiteit van Suid-Afrika uitgevoer is.

In die tabelle word die beraamde jaarlikse koopkragvloei van elke dorp se bevolking volgens kommoditeit en inkoopplek aange= toon. Potensiële besteding is die bedrag wat die bevolking van 'n dorp potensieel in staat is om te bestee.

In Figuur 8.1 word die beraamde jaarlikse koopkragvloei tussen die dorpe van die Vaaldriehoek deur middel van pylvloeilyne aangetoon.




FIGUUR 8.1. JAARLIKSE KOOPKRAGVLOEI VAN DIE VAALDRIEHOEK.

BRON : Volgens steekproef, 1980. Gegewens vir Sebokeng - Unisa, 1973 - 1974.

## V E R E E N I G I N G

| KOMMODITEIT/DIENS | TOTALE POTENSIëLE BESTEDING (R'000) | % | PLEK VAN AANKOPE OF DIENS: VEREENIGING % | MEYERTON % | VANDER=BIJLPARK % | SASOLBURG % | TOTAAL VAAL=DRIEHOEK % | BUITE VAAL=DRIEHOEK % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **KLERASIE EN SKOEISEL** | | | | | | | | |
| Mansklere | 1 508 | 100 | 93,32 | 0 | 2,50 | 0 | 95,82 | 4,18 |
| Mansskoene | 295 | 100 | 94,6 | 0 | 2,35 | 0 | 96,95 | 3,05 |
| Vroueklere | 1 590 | 100 | 91,5 | 0 | 2,25 | 0 | 93,75 | 6,25 |
| Vroueskoene | 410 | 100 | 88,33 | 0 | 4,63 | 0 | 92,96 | 7,04 |
| Subtotaal | 3 803 | 100 | 92,12 | 0 | 2,61 | 0 | 94,73 | 5,27 |
| **HUISHOUDELIKE BENODIGDHEDE** | | | | | | | | |
| Elektriese toestelle | 965 | 100 | 92,5 | 0 | 3,9 | 0 | 96,4 | 3,6 |
| Glas en breekware | 100 | 100 | 92,5 | 0 | 4,7 | 0 | 97,2 | 2,8 |
| Huishoudelike weefstowwe | 420 | 100 | 97 | 0 | 2 | 0 | 99 | 1 |
| Meublement | 1 265 | 100 | 94,36 | 0 | 2,24 | 0 | 96,6 | 3,4 |
| Radio's, Radiogramme en TV | 453 | 100 | 97,6 | 0 | 2,4 | 0 | 100 | 0 |
| Subtotaal | 3 203 | 100 | 94,55 | 0 | 2,81 | 0 | 97,36 | 2,64 |
| **MOTORHANDEL** | | | | | | | | |
| Motors | 5 353 | 100 | 88,33 | 0 | 3,3 | 0 | 91,63 | 8,37 |
| Motorfietse | 559 | 100 | 92,50 | 0 | 4,63 | 0 | 97,13 | 2,87 |
| Motoronderdele | 690 | 100 | 93,33 | 0 | 3,04 | 0 | 96,37 | 3,63 |
| Motorherstelwerk | 523 | 100 | 94,94 | 0,5 | 3,5 | 0 | 98,94 | 1,06 |
| Subtotaal | 7 125 | 100 | 89,63 | 0,04 | 3,39 | 0 | 93,06 | 6,94 |
| **PERSOONLIKE DIENSTE** | | | | | | | | |
| Droogskoonmakers & Wasserye | 160 | 100 | 98,8 | 0 | 1,2 | 0 | 100 | 0 |
| Haarsalonne | 408 | 100 | 96,98 | 0 | 3,02 | 0 | 100 | 0 |
| Skoonheidsalonne en Gimnasiums | 119 | 100 | 97,8 | 0 | 2,2 | 0 | 100 | 0 |
| Subtotaal | 687 | 100 | 97,55 | 0 | 2,45 | 0 | 100 | 0 |
| **VERSKEIDENHEID** | | | | | | | | |
| Aptekersware | 1 850 | 100 | 96,2 | 0 | 1,6 | 0 | 97,8 | 2,2 |
| Bloemiste | 82 | 100 | 91,7 | 0 | 4,6 | 0 | 96,3 | 3,7 |
| Boeke & skryfbehoeftes | 258 | 100 | 89,5 | 0 | 3,2 | 0 | 92,7 | 7,3 |
| Elektrisiëns, loodgieters en skrynwerkers | 155 | 100 | 98,5 | 0 | 1,5 | 0 | 100 | 0 |
| Fietse | 165 | 100 | 88,4 | 0 | 7,8 | 0 | 96,2 | 3,8 |
| Fotograwe en fotografiese toerusting | 80 | 100 | 84,8 | 0 | 6,3 | 0 | 91.1 | 8,9 |
| Juweliersware | 255 | 100 | 92,3 | 0 | 2,3 | 0 | 94,6 | 5,4 |
| Kantoortoerusting | 155 | 100 | 86,2 | 0 | 4,9 | 0 | 91,1 | 8,9 |
| Karavane & kampeertoerusting | 493 | 100 | 79,4 | 0 | 1,3 | 0 | 80,7 | 19,3 |
| Kunsartikels | 47 | 100 | 84,3 | 0 | 7,9 | 0 | 92,2 | 7,8 |
| Speelgoed | 203 | 100 | 74,5 | 0 | 2,9 | 0 | 77,4 | 22,6 |
| Sportdrag & sporttoerusting | 148 | 100 | 93,6 | 0 | 4,8 | 0 | 98,4 | 1,6 |
| Ysterware, boumateriaal & verf | 209 | 100 | 92,5 | 0 | 4,7 | 0 | 87,2 | 8,8 |
| Subtotaal | 4 100 | 100 | 91,15 | 0 | 2,64 | 0 | 93,79 | 6,21 |
| **VOEDSEL EN DRANK** | | | | | | | | |
| Alkoholiese drank | 650 | 100 | 94,31 | 0 | 3,08 | 1,02 | 98,41 | 1,59 |
| Kafeegoedere | 2 075 | 100 | 98,5 | 0 | 1,5 | 0 | 100 | 0 |
| Kruideniersware | 5 953 | 100 | 96 | 0 | 4 | 0 | 100 | 0 |
| Vleis | 3 303 | 100 | 95,85 | 0 | 3,69 | 0,46 | 100 | 0 |
| Vrugte en groente | 1 855 | 100 | 99,05 | 0,31 | 0,64 | 0 | 100 | 0 |
| Subtotaal | 13 836 | 100 | 96,67 | 0,04 | 3,06 | 0,11 | 99,88 | 0,12 |
| TOTAAL | 32 754 | 100 | 93,73 | 0,03 | 2,99 | 0,05 | 96,8 | 3,2 |

| KOMMODITEIT/DIENS | TOTALE POTENSIëLE BESTEDING (R'000) | % | PLEK VAN AANKOPE OF DIENS: VEREENIGING % | MEYERTON % | VANDERBIJLPARK % | SASOLBURG % | TOTAAL VAALDRIEHOEK % | BUITE VAALDRIEHOEK % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KLERASIE EN SKOEISEL | | | | | | | | |
| Mansklere | 424 | 100 | 28,5 | 63,1 | 2,2 | 0 | 93,8 | 6,2 |
| Mansskoene | 83 | 100 | 25,9 | 66,8 | 1,8 | 0 | 94,5 | 5,5 |
| Vroueklere | 418 | 100 | 26,2 | 64,7 | 2,8 | 0 | 93,7 | 6,3 |
| Vroueskoene | 115 | 100 | 26,0 | 64,9 | 2,3 | 0 | 93,2 | 6,8 |
| Subtotaal | 1 040 | 100 | 27,09 | 64,24 | 2,42 | 0 | 93,75 | 6,25 |
| HUISHOUDELIKE BENODIGDHEDE | | | | | | | | |
| Elektriese toestelle | 270 | 100 | 47,8 | 48,7 | 0,8 | 0 | 97,3 | 2,7 |
| Glas en breekware | 28 | 100 | 19,7 | 77,9 | 1,1 | 0 | 98,7 | 1,3 |
| Huishoudelike weefstowwe | 118 | 100 | 54,82 | 43,3 | 1,8 | 0 | 99,92 | 0,08 |
| Meublement | 354 | 100 | 37 | 59,4 | 2,8 | 0 | 99,2 | 0,8 |
| Radio's,radiogramme en TV | 129 | 100 | 28,72 | 65,93 | 4,85 | 0 | 99,5 | 0,5 |
| Subtotaal | 899 | 100 | 40,86 | 55,59 | 2,31 | 0 | 98,76 | 1,24 |
| MOTORHANDEL | | | | | | | | |
| Motors | 1 499 | 100 | 10,1 | 73,1 | 2,3 | 0 | 85,5 | 14,5 |
| Motorfietse | 103 | 100 | 39,4 | 46,9 | 2,1 | 0 | 88,4 | 11,6 |
| Motoronderdele | 193 | 100 | 25,9 | 65,3 | 0 | 0 | 91,2 | 8,8 |
| Motorherstelwerk | 153 | 100 | 15,5 | 75,9 | 0 | 0 | 91,4 | 8,6 |
| Subtotaal | 1 948 | 100 | 13,64 | 71,16 | 1,88 | 0 | 86,68 | 13,32 |
| PERSOONLIKE DIENSTE | | | | | | | | |
| Droogskoonmakers & wasserye | 45 | 100 | 1,6 | 98,4 | 0 | 0 | 100 | 0 |
| Haarsalonne | 112 | 100 | 4,8 | 95,2 | 0 | 0 | 100 | 0 |
| Skoonheidsalonne & gimnasiums | 19 | 100 | 100 | 0 | 0 | 0 | 100 | 0 |
| Subtotaal | 176 | 100 | 14,26 | 85,74 | 0 | 0 | 100 | 0 |
| VERSKEIDENHEID | | | | | | | | |
| Aptekersware | 518 | 100 | 1,7 | 98,3 | 0 | 0 | 100 | 0 |
| Bloemiste | 23 | 100 | 4,6 | 87 | 0 | 0 | 91,6 | 8,4 |
| Boeke en skryfbehoeftes | 71 | 100 | 8,6 | 43,4 | 1,5 | 0 | 53,5 | 46,5 |
| Elektrisiëns, loodgieters en skrynwerkers | 52 | 100 | 29 | 97,1 | 0 | 0 | 100 | 0 |
| Fietse | 46 | 100 | 28,6 | 67,2 | 0 | 0 | 95,8 | 4,2 |
| Fotograwe en fotografiese toerusting | 22 | 100 | 7,6 | 66,2 | 1,9 | 0 | 75,7 | 24,3 |
| Juweliersware | 71 | 100 | 16,8 | 76,6 | 0 | 0 | 93,4 | 6,6 |
| Kantoortoerusting | 44 | 100 | 22,3 | 39,4 | 2,8 | 0 | 64,5 | 35,5 |
| Karavane & kampeertoerusting | 167 | 100 | 38,9 | 0 | 0 | 0 | 38,9 | 61,1 |
| Kunsartikels | 14 | 100 | 46,1 | 32,5 | 7,9 | 0 | 86,5 | 13,5 |
| Speelgoed | 57 | 100 | 18,5 | 54,8 | 2,1 | 0 | 75,4 | 24,6 |
| Sportdrag & sporttoerusting | 41 | 100 | 28,9 | 59,5 | 2,9 | 0 | 91,3 | 8,7 |
| Ysterware, boumateriaal & verf | 56 | 100 | 23,9 | 60,4 | 0,8 | 0 | 85,1 | 14,9 |
| Subtotaal | 1 182 | 100 | 13,64 | 69,52 | 0,52 | 0 | 83,72 | 16,28 |
| VOEDSEL EN DRANK | | | | | | | | |
| Alkoholiese drank | 182 | 100 | 10,8 | 84,1 | 0 | 0 | 94,9 | 5,1 |
| Kafeegoedere | 581 | 100 | 1,1 | 98,9 | 0 | 0 | 100 | 0 |
| Kruideniersware | 1 667 | 100 | 20,1 | 79,1 | 0 | 0 | 99,2 | 0,8 |
| Vleis | 925 | 100 | 11,4 | 88,6 | 0 | 0 | 100 | 0 |
| Vrugte en groente | 519 | 100 | 4,2 | 95,8 | 0 | 0 | 100 | 0 |
| Subtotaal | 3 874 | 100 | 12,61 | 86,81 | 0 | 0 | 99,42 | 0,58 |
| TOTAAL | 9 119 | 100 | 17,43 | 75,55 | 0,98 | 0 | 93,96 | 6,04 |

TABEL [illegible] MEYERTON - BEPAALDE JAARLIKSE KOOPKRAGVLOEI VOLGENS KOMMODITEIT

| KOMMODITEIT/DIENS | TOTALE PO=TENSIëLE BESTEDING | | PLEK VAN AANKOPE OF DIENS | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | (R'000) | % | VEREENIGING % | MEYERTON % | VANDER=BIJLPARK % | SASOLBURG % | TOTAAL VAAL=DRIEHOEK % | BUITE VAAL=DRIEHOEK % |
| KLERASIE EN SKOEISEL | | | | | | | | |
| Mansklere | 2 659 | 100 | 15,6 | 0 | 80 | 0,8 | 96,4 | 3,6 |
| Mansskoene | 655 | 100 | 12,8 | 0 | 81,7 | 1,5 | 96 | 4 |
| Vroueklere | 2 848 | 100 | 10,5 | 0 | 83,5 | 1,5 | 95,5 | 4,5 |
| Vroueskoene | 690 | 100 | 8,5 | 0 | 85,5 | 1,3 | 95,3 | 4,7 |
| Subtotaal | 6 852 | 100 | 12,50 | 0 | 82,17 | 1,21 | 95,88 | 4,13 |
| HUISHOUDELIKE BENODIGDHEDE | | | | | | | | |
| Elektriese toestelle | 1 014 | 100 | 13 | 0 | 82,5 | 1,5 | 97 | 3 |
| Glas en breekware | 403 | 100 | 11,7 | 0 | 82,2 | 0 | 93,9 | 6,1 |
| Huishoudelike weefstowwe | 789 | 100 | 20,6 | 0 | 76,5 | 0,8 | 97,9 | 2,1 |
| Meublement | 2 871 | 100 | 11,8 | 0 | 80,4 | 0,3 | 92,5 | 7,5 |
| Radio's, radiogramme en TV | 923 | 100 | 10,2 | 0 | 81,9 | 1,5 | 93,6 | 6,4 |
| Subtotaal | 6 000 | 100 | 12,91 | 0 | 80,59 | 0,73 | 94,23 | 5,77 |
| MOTORHANDEL | | | | | | | | |
| Motors | 7 388 | 100 | 11,4 | 0 | 71,1 | 2,6 | 85,1 | 14,9 |
| Motorfietse | 490 | 100 | 13,8 | 0 | 81,5 | 2,5 | 97,8 | 2,2 |
| Motoronderdele | 658 | 100 | 9,4 | 0 | 85 | 1,8 | 96,2 | 3,8 |
| Motorherstelwerk | 577 | 100 | 14,5 | 0 | 80,9 | 2,3 | 97,7 | 2,3 |
| Subtotaal | 9 113 | 100 | 11,58 | 0 | 73,28 | 2,52 | 87,38 | 12,62 |
| PERSOONLIKE DIENSTE | | | | | | | | |
| Droogskoonmakers & wasserye | 331 | 100 | 0,2 | 0 | 99 | 0,2 | 99,4 | 0,6 |
| Haarsalonne | 448 | 100 | 5,6 | 0 | 93,5 | 0,5 | 99,6 | 0,4 |
| Skoonheidsalonne & gimnasiums | 150 | 100 | 6,8 | 0 | 91,6 | 0,8 | 99,2 | 0,8 |
| Subtotaal | 929 | 100 | 3,87 | 0 | 95,15 | 0,44 | 99,46 | 0,54 |
| VERSKEIDENHEID | | | | | | | | |
| Aptekersware | 1 285 | 100 | 2,1 | 0 | 96 | 0,8 | 98,9 | 1,1 |
| Bloemiste | 93 | 100 | 1,8 | 0 | 88 | 1,1 | 90,9 | 9,1 |
| Boeke en skryfbehoeftes | 463 | 100 | 8,5 | 0 | 76,8 | 0,8 | 86,1 | 13,9 |
| Elektrisiëns, loodgieters en skrynwerkers | 161 | 100 | 4,6 | 0 | 90,6 | 1,5 | 97,5 | 3,3 |
| Fietse | 245 | 100 | 12,8 | 0 | 84,8 | 0 | 97,6 | 2,4 |
| Fotograwe en fotografiese toerusting | 273 | 100 | 13,5 | 0 | 59,3 | 0,5 | 73,3 | 26,7 |
| Juweliersware | 497 | 100 | 6,1 | 0 | 88,5 | 1,8 | 96,4 | 3,6 |
| Kantoortoerusting | 149 | 100 | 16,3 | 0 | 43,8 | 1,5 | 61,6 | 38,4 |
| Karavane & kampeertoerusting | 476 | 100 | 25,9 | 0 | 45,6 | 0 | 71,5 | 28,5 |
| Kunsartikels | 137 | 100 | 9,3 | 0 | 69,1 | 0 | 78,4 | 21,6 |
| Speelgoed | 467 | 100 | 5,7 | 0 | 71,2 | 0 | 76,9 | 23,1 |
| Sportdrag & sporttoerusting | 97 | 100 | 13,6 | 0 | 80,5 | 0 | 94,1 | 5,9 |
| Ysterware, boumateriaal & verf | 211 | 100 | 10,7 | 0 | 83,1 | 0 | 93,8 | 6,2 |
| Subtotaal | 4 554 | 100 | 8,71 | 0 | 78,82 | 0,66 | 88,19 | 11,81 |
| VOEDSEL EN DRANK | | | | | | | | |
| Alkoholiese drank | 918 | 100 | 8,2 | 0 | 89,2 | 0,8 | 98,2 | 1,8 |
| Kafeegoedere | 2 854 | 100 | 0 | 0 | 100 | 0 | 100 | 0 |
| Kruideniersware | 7 291 | 100 | 6,2 | 0 | 93,8 | 0 | 100 | 0 |
| Vleis | 4 408 | 100 | 6,8 | 0 | 90 | 1,6 | 98,4 | 1,6 |
| Vrugte en groente | 2 197 | 100 | 1,3 | 0 | 98,7 | 0 | 100 | 0 |
| Subtotaal | 17 668 | 100 | 4,84 | 0 | 94,22 | 0,44 | 99,5 | 0,5 |
| TOTAAL | 45 116 | 100 | 8,81 | 0 | 84,81 | 1,04 | 94,66 | 5,34 |

| KOMMODITEIT/DIENS | TOTALE POTENSIëLE BESTEDING | | PLEK VAN AANKOPE OF DIENS | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | (R'000) | % | VEREENIGING % | MEYERTON % | VANDERBIJLPARK % | SASOLBURG % | TOTAAL VAALDRIEHOEK % | BUITE VAALDRIEHOEK % |
| KLERASIE EN SKOEISEL | | | | | | | | |
| Mansklere | 623 | 100 | 19,23 | 0 | 17,31 | 61,3 | 97,84 | 2,16 |
| Mansskoene | 126 | 100 | 14,5 | 0 | 12,5 | 67,8 | 94,8 | 5,2 |
| Vroueklere | 701 | 100 | 21,01 | 0 | 17,39 | 60,14 | 98,54 | 1,46 |
| Vroueskoene | 226 | 100 | 11,06 | 0 | 7,90 | 78,4 | 97,36 | 2,64 |
| Subtotaal | 1 676 | 100 | 18,52 | 0 | 15,71 | 63,61 | 97,84 | 2,16 |
| HUISHOUDELIKE BENODIGDHEDE | | | | | | | | |
| Elektriese toestelle | 416 | 100 | 17,5 | 0 | 23,5 | 57,5 | 98,5 | 1,5 |
| Glas en breekware | 35 | 100 | 14,4 | 0 | 18,4 | 61,8 | 94,6 | 5,4 |
| Huishoudelike weefstowwe | 169 | 100 | 32,4 | 0 | 22,3 | 42,6 | 97,3 | 2,7 |
| Meublement | 510 | 100 | 18,12 | 0 | 22,15 | 59,06 | 99,33 | 0,67 |
| Radio's, radiogramme en TV | 281 | 100 | 15,77 | 0 | 21,6 | 59,03 | 96,4 | 3,6 |
| Subtotaal | 1 411 | 100 | 19,09 | 0 | 22,36 | 56,69 | 98,14 | 1,86 |
| MOTORHANDEL | | | | | | | | |
| Motors | 3 258 | 100 | 13,99 | 0 | 13,28 | 65,93 | 93,2 | 6,8 |
| Motorfietse | 96 | 100 | 23,06 | 0 | 21,03 | 42,6 | 86,69 | 13,31 |
| Motoronderdele | 286 | 100 | 5,6 | 0 | 2,8 | 88,4 | 96,8 | 3,2 |
| Motorherstelwerk | 396 | 100 | 10 | 0 | 12,29 | 74,1 | 96,39 | 3,61 |
| Subtotaal | 4 036 | 100 | 13,22 | 0 | 12,62 | 67,77 | 93,61 | 6,39 |
| PERSOONLIKE DIENSTE | | | | | | | | |
| Droogskoonmakers & wasserye | 77 | 100 | 0 | 0 | 1,2 | 98,8 | 100 | 0 |
| Haarsalonne | 124 | 100 | 0 | 0 | 2,3 | 97,7 | 100 | 0,8 |
| Skoonheidsalonne & gimnasiums | 49 | 100 | 0,8 | 0 | 2,4 | 96,8 | 100 | 0 |
| Subtotaal | 250 | 100 | 0,26 | 0 | 1,98 | 97,36 | 99,6 | 0,4 |
| VERSKEIDENHEID | | | | | | | | |
| Aptekersware | 760 | 100 | 0 | 0 | 1,4 | 98,6 | 100 | 0 |
| Bloemiste | 35 | 100 | 0 | 0 | 6,8 | 86,8 | 93,6 | 6,4 |
| Boeke en skryfbehoeftes | 111 | 100 | 2,3 | 0 | 10,2 | 44,2 | 56,7 | 43,3 |
| Elektrisiëns, loodgieters en skrynwerkers | 76 | 100 | 0 | 0 | 5 | 95 | 100 | 0 |
| Fietse | 39 | 100 | 23,8 | 0 | 16,9 | 55,7 | 96,4 | 3,6 |
| Fotograwe en fotografiese toerusting | 36 | 100 | 28,3 | 0 | 16,2 | 48 | 92,5 | 7,5 |
| Juweliersware | 109 | 100 | 11,5 | 0 | 9,3 | 48,6 | 69,4 | 30,5 |
| Kantoortoerusting | 62 | 100 | 27,5 | 0 | 11,5 | 40,5 | 0 | 20,5 |
| Karavane & kampeertoerusting | 235 | 100 | 14,6 | 0 | 28,4 | 39,6 | 82,6 | 17,4 |
| Kunsartikels | 11 | 100 | 2,6 | 0 | 8,8 | 61,2 | 72,6 | 27,4 |
| Speelgoed | 101 | 100 | 20,85 | 0 | 20,85 | 54,5 | 96,2 | 3,8 |
| Sportdrag & sporttoerusting | 66 | 100 | 18,9 | 0 | 8,8 | 62,5 | 0 | 9,8 |
| Ysterware, boumateriaal & verf | 78 | 100 | 21,03 | 0 | 10,47 | 65,7 | 97,2 | 2,8 |
| Subtotaal | 1 939 | 100 | 7,33 | 0 | 10,15 | 71,46 | 88,94 | 11,06 |
| VOEDSEL EN DRANK | | | | | | | | |
| Alkoholiese drank | 470 | 100 | 0 | 0 | 4 | 94,5 | 88,5 | 1,5 |
| Kafeegoedere | 1 060 | 100 | 0 | 0 | 1 | 99 | 100 | 0 |
| Kruideniersware | 3 390 | 100 | 8,75 | 0 | 10 | 81,25 | 100 | 0 |
| Vleis | 2 539 | 100 | 4,6 | 0 | 6,9 | 88,5 | 100 | 0 |
| Vrugte en groente | 949 | 100 | 7,25 | 0 | 6,16 | 86,59 | 100 | 0 |
| Subtotaal | 8 408 | 100 | 5,75 | 0 | 7,07 | 87,10 | 99,92 | 0,08 |
| TOTAAL | 17 720 | 100 | 9,72 | 0 | 10,50 | 75,60 | 95,82 | 4,18 |

| KOMMODITEIT | TOTALE BESTEDING | | INKOOPPLEK | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | SEBOKENG (EVATON INGESLUIT | BUITE SEBOKENG (EVATON INGESLUIT) | | | |
| | | | | VANDERBIJLPARK | VEREENIGING | ANDER | TOTA |
| | R duisend | % | % | % | % | % | % |
| Voedsel | 11 171 | 100 | 90,9 | 0,7 | 6,7 | 1,7 | 9, |
| Kruideniersware | 4 816 | 100 | 89,6 | 1,3 | 9,0 | 0,1 | 10, |
| Kafeegoedere | 1 951 | 100 | 98,7 | - | 1,2 | 0,1 | 1, |
| Groente en vrugte | 1 476 | 100 | 91,0 | 0,7 | 4,4 | 3,9 | 9, |
| Vleis | 2 928 | 100 | 87,9 | 0,3 | 7,4 | 4,4 | 12, |
| Klerasie, skoeisel en bybehore 1) | 1 436 | 100 | 10,8 | 5,9 | 66,0 | 17,3 | 89, |
| Huishoudelike benodigdhede | 1 762 | 100 | 3,7 | 24,6 | 64,3 | 7,4 | 96, |
| Meublement | 1 136 | 100 | - | 25,7 | 65,1 | 9,2 | 100 |
| Elektriese toestelle | 12 | 100 | - | 25,0 | 75,0 | - | 100 |
| Radio's, radiogramme en musiekinstrumente | 489 | 100 | 4,9 | 24,6 | 68,7 | 1,8 | 95, |
| Huishoudelike weefstowwe | 85 | 100 | 41,0 | 19,5 | 34,9 | 4,6 | 59, |
| Eetgerei, glas- en breekware, ornamente, silwerware en kunswerke | 40 | 100 | 14,7 | 6,3 | 47,9 | 31,1 | 85, |
| Motorhandel | 689 | 100 | 48,5 | - | 19,7 | 31,8 | 51, |
| Motors | 317 | 100 | 8,0 | - | 39,9 | 52,1 | 92, |
| Diens en herstelwerk | 10 | 100 | 64,8 | - | 17,0 | 18,2 | 35, |
| Motoronderdele | 11 | 100 | 56,7 | - | 28,4 | 14,9 | 43, |
| Petrol en olie | 351 | 100 | 84,6 | - | 1,3 | 14,1 | 15, |
| Persoonlike dienste | 843 | 100 | 80,1 | 6,9 | 7,5 | 5,5 | 19, |
| Dameshaarsalondienste | 16 | 100 | 57,6 | - | 35,3 | 7,1 | 42, |
| Manshaarsalondienste | 30 | 100 | 77,7 | 10,9 | 6,3 | 5,1 | 22, |
| Droogskoonmaakdienste 2) | 797 | 100 | 80,6 | 6,9 | 7,0 | 5,5 | 19, |
| Diverse kommoditeite | 2 274 | 100 | 88,5 | 0,5 | 6,4 | 4,6 | 11, |
| Aptekersware | 91 | 100 | 20,4 | 8,4 | 58,2 | 13,0 | 79, |
| Alkoholiese drank | 1 203 | 100 | 90,7 | - | 3,9 | 5,4 | 9, |
| Steenkool, brandhout, paraffien en kerse | 871 | 100 | 99,9 | - | 0,1 | - | 0, |
| Fietse, bromfietse en bybehore | 2 | 100 | 70,0 | 30,0 | - | - | 30, |
| Sportdrag en sporttoerusting | 10 | 100 | 5,2 | - | 94,8 | - | 94, |
| Boeke en skryfbehoeftes | 68 | 100 | 34,2 | - | 27,3 | 38,5 | 65, |
| Ysterware | 9 | 100 | 18,3 | 3,6 | 56,1 | 22,0 | 81, |
| Kameras en fotografiese toerusting | - | - | - | - | - | - | - |
| Speelgoed en stokperdjies | 8 | 100 | 58,1 | - | 41,9 | - | 41, |
| Persoonlike juweliersware | 11 | 100 | - | 31,2 | 68,8 | - | 100 |
| Blomme en ruikers | 1 | 100 | 84,2 | - | 15,8 | - | 15, |
| TOTAAL | 18 175 | 100 | 73,7 | 3,7 | 17,4 | 5,2 | 26, |

TABEL 8.4.1 SEBOKENG (EVATON INGESLUIT): BERAAMDE JAARLIKSE KOOPKRAGVLOEI VOLGENS KOMMODITEIT EN INKOOPPLEK (1973) (UNISA, 1974)

1) Detailgegewens nie beskikbaar nie.

2) Slegs ten opsigte van artikels wat die huishouding self gaan ingee.

| KOMMODITEIT | TOTALE BESTEDING | | INKOOPPLEK | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | SHARPEVILLE | BUITE-SHARPEVILLE | | | |
| | | | | VANDERBIJLPARK | VEREENIGING | ANDER | TOTA |
| | R DUISEND | % | % | % | % | % | % |
| Voedsel | 4 828 | 100 | 87,8 | - | 12,2 | - | 12, |
| Kruideniersware | 1 996 | 100 | 74,4 | - | 25,6 | - | 25, |
| Kafeegoedere | 853 | 100 | 95,3 | - | 4,7 | - | 4, |
| Groente en vrugte | 697 | 100 | 99,6 | - | 0,4 | - | 0, |
| Vleis | 1 282 | 100 | 97,2 | - | 2,8 | - | 2, |
| Klerasie, skoeisel en bybehore[1)] | 782 | 100 | 0,1 | 0,4 | 93,6 | 5,9 | 99, |
| Huishoudelike benodigdhede | 779 | 100 | 0,2 | 0,3 | 99,1 | 0,4 | 99, |
| Meublement | 461 | 100 | - | - | 100 | - | 100 |
| Elektriese toestelle | 59 | 100 | - | - | 100 | - | 100 |
| Radio's, radiogramme en musiekinstrumente | 144 | 100 | - | 1,4 | 98,6 | - | 100 |
| Huishoudelike weefstowwe | 90 | 100 | - | - | 99,5 | 0,5 | 100 |
| Eetgerei, glas- en breekware, ornamente, silwerware en kunswerke | 25 | 100 | 6,9 | - | 82,7 | 10,4 | 93, |
| Motorhandel | 354 | 100 | 33,3 | 13,1 | 53,5 | 0,1 | 66, |
| Motors | 155 | 100 | - | 15,3 | 84,7 | - | 100 |
| Diens en herstelwerk | 13 | 100 | 54,2 | - | 43,3 | 2,5 | 45, |
| Motoronderdele | 11 | 100 | 26,0 | - | 74,0 | - | 74, |
| Petrol en olie | 175 | 100 | 61,8 | 13,0 | 25,2 | - | 38, |
| Persoonlike dienste | 346 | 100 | 8,5 | - | 91,5 | - | 91, |
| Dameshaarsalondienste | 4 | 100 | 32,5 | - | 67,5 | - | 67, |
| Manshaarsalondienste | 33 | 100 | 84,5 | - | 15,5 | - | 15, |
| Droogskoonmaakdienste[2)] | 309 | 100 | - | - | 100 | - | 100 |
| Diverse kommoditeite | 1 190 | 100 | 86,7 | - | 12,2 | 1,1 | 13, |
| Aptekersware | 130 | 100 | 48,5 | - | 51,5 | - | 51, |
| Alkoholiese drank | 509 | 100 | 96,7 | - | 3,3 | - | 3, |
| Steenkool, brandhout, paraffien en kerse | 467 | 100 | 98,9 | - | 1,1 | - | 1, |
| Fietse, bromfietse en bybehore | 3 | 100 | 7,0 | - | 93,0 | - | 93, |
| Sportdrag en sporttoerusting | 10 | 100 | - | - | 84,8 | 15,2 | 100 |
| Boeke en skryfbehoeftes | 52 | 100 | 27,8 | - | 49,5 | 22,7 | 72, |
| Ysterware | 2 | 100 | 6,5 | - | 93,5 | - | 93, |
| Kameras en fotografiese toerusting | - | - | - | - | - | - | - |
| Speelgoed en stokperdjies | 7 | 100 | - | - | 100 | - | 100 |
| Persoonlike juweliersware | 10 | 100 | - | - | 100 | - | 100 |
| Blomme en ruikers | 0 | 100 | - | - | 100 | - | 100 |
| TOTAAL | 8 279 | 100 | 65,4 | 0,6 | 33,2 | 0,8 | 34, |

TABEL 8.4.2 SHARPEVILLE: BERAAMDE JAARLIKSE KOOPKRAGVLOEI VOLGENS KOMMODITEIT EN INKOOPPLEK (1973) (UNISA, 1974)

1) Detailgegewens nie beskikbaar nie.

2) Slegs ten opsigte van artikels wat die huishouding self gaan ingee.

| KOMMODITEIT | TOTALE BESTEDING | | INKOOPPLEK | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | VANDERBIJLPARK | | | BUITE-VANDERBIJLPARK | | |
| | | | BOPHELONG EN BOIPATONG | DORPSENTRUM EN WOONDELE | TOTAAL | VEREENIGING | ANDER | TOTAAL |
| | R DUISEND | % | % | % | % | % | % | % |
| Voedsel | 2 172 | 100 | 88,5 | 11,1 | 99,6 | 0,4 | - | 0,4 |
| Kruideniersware | 1 011 | 100 | 84,1 | 15,1 | 99,2 | 0,8 | - | 0,8 |
| Kafeegoedere | 343 | 100 | 98,8 | 1,2 | 100 | - | - | - |
| Groente en vrugte | 241 | 100 | 93,9 | 6,1 | 100 | - | - | - |
| Vleis | 577 | 100 | 87,8 | 12,2 | 100 | - | - | - |
| Klerasie, skoeisel en bybehore[1)] | 170 | 100 | 3,9 | 76,6 | 80,5 | 17,8 | 1,7 | 19,5 |
| Huishoudelike benodigdhede | 313 | 100 | 1,5 | 83,3 | 84,8 | 13,7 | 1,5 | 15,2 |
| Meublement | 189 | 100 | 2,3 | 78,8 | 81,1 | 18,9 | - | 18,9 |
| Elektriese toestelle | 23 | 100 | - | 94,9 | 94,9 | 5,1 | - | 5,1 |
| Radio's, radiogramme en musiekinstrumente | 81 | 100 | - | 94,5 | 94,5 | 4,6 | 0,9 | 5,5 |
| Huishoudelike weefstowwe | 14 | 100 | 3,9 | 85,7 | 89,6 | - | 10,4 | 10,4 |
| Eetgerei, glas- en breekware, ornamente, silwerware en kunswerke | 6 | 100 | - | 18,9 | 18,9 | 39,2 | 41,9 | 81,1 |
| Motorhandel | 298 | 100 | - | 47,0 | 47,0 | 53,0 | - | 53,0 |
| Motors | 254 | 100 | - | 37,7 | 37,7 | 62,3 | - | 62,3 |
| Diens en herstelwerk | 1 | 100 | - | 100 | 100 | - | - | - |
| Motoronderdele | 0 | 100 | - | 100 | 100 | - | - | - |
| Petrol en olie | 43 | 100 | - | 100 | 100 | - | - | - |
| Persoonlike dienste | 197 | 100 | 62,8 | 37,2 | 100 | - | - | - |
| Dameshaarsalondienste | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Manshaarsalondienste | 0 | 100 | 100 | - | 100 | - | - | - |
| Droogskoonmaakdienste[2)] | 197 | 100 | 62,7 | 37,3 | 100 | - | - | - |
| Diverse kommoditeite | 389 | 100 | 92,7 | 6,5 | 99,2 | 0,1 | 0,7 | 0,8 |
| Aptekersware | 8 | 100 | 94,5 | 4,0 | 98,5 | 1,5 | - | 1,5 |
| Alkoholiese drank | 159 | 100 | 100 | - | 100 | - | - | - |
| Steenkool, brandhout, paraffien en kerse | 179 | 100 | 97,3 | 2,7 | 100 | - | - | - |
| Fietse, bromfietse en bybehore | 7 | 100 | 23,3 | 76,7 | 100 | - | - | - |
| Sportdrag en sporttoerusting | 0 | 100 | 100 | - | 100 | - | - | - |
| Boeke en skryfbehoeftes | 32 | 100 | 52,5 | 38,2 | 90,7 | - | 9,3 | 9,3 |
| Ysterware | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Kameras en fotografiese toerusting | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Speelgoed en stokperdjies | 2 | 100 | 58,7 | 31,3 | 90,0 | 10,0 | - | 10,0 |
| Persoonlike juweliersware | 2 | 100 | 28,3 | 71,7 | 100 | - | - | - |
| Blomme en ruikers | - | - | - | - | - | - | - | - |
| TOTAAL | 3 539 | 100 | 68,3 | 24,6 | 92,9 | 6,8 | 0,3 | 7,1 |

TABEL 8.4.3 BOPHELONG EN BOIPATONG: BERAAMDE JAARLIKSE KOOPKRAGVLOEI VOLGENS KOMMODITEIT EN INKOOPPLEK (1973) (UNISA, 1974)

1) Detailgegewens nie beskikbaar nie.

2) Slegs ten opsigte van artikels wat die huishouding self gaan ingee.

Om ontleding te vergemaklik word die totale koopkragvloei van die dorpe en Swart woongebiede van die Vaaldriehoek in die onderstaande tabel (Tabel 8.5) uiteengesit.

| | KOOPKRAGVLOEI NA | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | VEREENIGING<br>% | MEYERTON<br>% | VANDER= BIJLPARK<br>% | SASOLBURG<br>% | SEBOKENG<br>% | SHARPEVILLE<br>% | BOPHELONG EN BOIPATONG<br>% | ZAMDELA<br>% | ELDERS<br>% | TOTAAL |
| Vereeniging | 93,73 | 0,03 | 2,99 | 0,05 | 0 | 0 | 0 | 0 | 3,2 | 100 |
| Meyerton | 17,43 | 75,55 | 0,98 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 6,04 | 100 |
| Vanderbijlpark | 8,81 | 0 | 84,81 | 1,04 | 0 | 0 | 0 | 0 | 5,34 | 100 |
| Sasolburg | 9,72 | 0 | 10,50 | 75,60 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4,18 | 100 |
| Sebokeng | 17,4 | 0 | 3,7 | 0 | 73,7 | 0 | 0 | 0 | 5,2 | 100 |
| Sharpeville | 33,2 | 0 | 0,6 | 0 | 0 | 65,4 | 0 | 0 | 0,8 | 100 |
| Bophelong/Boipatong | 6,8 | 0 | 24,6 | 0 | 0 | 0 | 68,3 | 0 | 0,3 | 100 |

TABEL 8.5 KOOPKRAGVLOEI VAN DIE DORPE VAN DIE VAALDRIEHOEK (BLANKES, KLEURLINGE EN ASIëRS SOOS IN 1980 EN SWARTES SOOS IN 1973-74). (TIEN PERSENT STEEKPROEF, 1980; UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA, 1974)

Uit Tabel 8.5 blyk die volgende:

1) Vereeniging en Vanderbijlpark is die enigste dorpe wat koopkraginvloei van al die ander dorpe van die Vaaldriehoek ontvang.

2) Vereeniging is die vernaamste inkoopsentrum van die Vaaldriehoek soos blyk uit die beraamde jaarlikse koopkragin= vloei van R14 438 000 van die ander dorpe. Hierteenoor is die beraamde jaarlikse koopkraginvloei in Meyerton R9 800, in Van= derbijlpark R4 122 000 en in Sasolburg R485 000.

Uit Tabelle 8.3 en 8.4 blyk dit dat uitsoek- en spesialiteits= goedere-ondernemings in Vereeniging die belangrikste bydrae lewer tot die groot koopkraginvloei van die ander dorpe en Swart woongebiede. Bogenoemde ondernemings in Vereeniging is naamlik verantwoordelik vir 69,52 persent (R9 341 641) van die totale koopkraginvloei van die ander dorpe en Swart woongebiede. Uitsoek- en spesialiteitsgoedere-ondernemings is ook verant= woordelik vir 57,25 persent (R2 360 029) van die koopkraginvloei in Vanderbijlpark.

Die voorafgaande gegewens dui daarop dat Vereeniging 'n streek= funksie verrig wat uitsoek- en spesialiteitsgoedere-ondernemings betref.

3) Vereeniging blyk in 'n groot mate selfvoorsienend te wees. Daar bestaan slegs beperkte wisselwerking met sy buur= dorp Vanderbijlpark.

4) Vanderbijlpark blyk goed voorsien te wees van handels= fasiliteite soos die hoë persentasie plaaslike besteding aandui. Die dorp se vernaamste wisselwerking is met Vereeniging. Die koopkraguitvloei van 8,81 persent na Vereeniging kan egter as normaal beskou word.

5) Die nabyheid van Vereeniging beïnvloed die inkooppa= trone van Meyerton se bevolking soos die koopkraguitvloei van 17,43 persent na Vereeniging aantoon.

6) Die bevolking van Sasolburg bestee 75,60 persent van hul totale koopkrag in die dorp self. Die res van die koop= krag vloei hoofsaaklik na Vereeniging (9,72%) en Vanderbijlpark (10,50%).

7) Die inwoners van Sebokeng bestee die grootste persen= tasie van hul koopkrag in hul eie woongebied (73,7%). Die res van die koopkrag vloei hoofsaaklik na Vereeniging.

8) Die inwoners van Sharpeville bestee die grootste per= sentasie van hul koopkrag in hul eie woongebied (65,4%). Sharpeville toon egter 'n groot mate van afhanklikheid van Vereeniging.

9) Bophelong en Boipatong se inwoners doen die meerderheid van hul laer orde-inkope in hul eie woongebiede. Koopkraguit= vloei is veral na Vanderbijlpark (24,6%) en Vereeniging (6,8%). Lucas (1973, p. 3) het bevind dat die inwoners van Zamdela sowat 91 persent van hul koopkrag bestee in Sasolburg, waarvan 54,2 persent in hul eie woongebied (Zamdelasentrum). Daar is dus 'n koopkraguitvloei van 9 persent. Die subgroepe huishoudelike benodigdhede (40,7%) en klerasie, skoeisel en bybehore (38,3%) is verantwoordelik vir die meerderheid van die koopkraguitvloei (Lucas, 1973, pp. 21-22). Vereeniging oefen veral 'n sterk trekkrag uit in hierdie verband.

10) Uit Tabelle 8.3 en 8.4 blyk dit dat Vereeniging omvang= ryke koopkraginvloei van al die ander dorpe van die gebied op hom betrek. Vanderbijlpark het ook koopkraginvloei van al die ander dorpe, maar nie van dieselfde omvang as Vereeniging nie.

Uit Tabel 8.1 het dit geblyk dat Vereeniging meer klere- en skoenwinkels het as die ander dorpe van die Vaaldriehoek tesame. Die omvang van aankope van die ander dorpe en die Swart woonge= biede is 'n bewys dat Vereeniging 'n streekfunksie op hierdie gebied vervul.

Uit Tabel 8.3 en Tabel 8.4 blyk dit dat Vereeniging die hoofsen= trum is vir die voorsiening van huishoudelike weefstowwe in die Vaaldriehoek.

Vereeniging is 'n belangrike sentrum vir meubelaankope soos blyk uit die gegewens vir die Blanke dorpe, Sebokeng en Sharpeville. Vyftien meubelondernemings in Vereeniging het in die handels= vraelys (vgl. Bylae 4) aangedui dat hulle hul uitsluitend op die Swart koper toespits. In geeneen van die ander dorpe bestaan daar so 'n konsentrasie van meubelondernemings wat uit= sluitend op die Swart koper ingestel is nie. Die hoë persenta= sies meubelaankope wat Sebokeng en Sharpeville in Vereeniging het, is dus verstaanbaar.

Uit Tabelle 8.3 en 8.4 blyk dit dat Vereeniging die belangrikste voorsiener van elektriese toerusting, radio's en televisiestelle aan die inwoners van Sebokeng en Sharpeville is en 'n belangrike voorsiener is aan Meyerton en Sasolburg. Vanderbijlpark, Bophelong en Boipatong het ook aankope in Vereeniging.

Die bevolkings van Meyerton, Sasolburg, Sebokeng, Boipatong en Bophelong doen 'n hoë persentasie van hul motoraankope in Vereeniging.

Vereeniging is die grootste voorsiener van motoronderdele aan die res van die Vaaldriehoek. Die feit dat die dorp meer onder= nemings van hierdie aard het as die res van die Vaaldriehoek tesame, lewer waarskynlik die belangrikste bydrae tot hierdie verskynsel.

Volgens Tabel 8.3 vloei 'n relatief hoë persentasie van die Blanke koopkrag ten opsigte van juweliersware na Vereeniging. Inwoners van Sharpeville koop al hul persoonlike juweliersware in Vereeniging. Sebokeng se bevolking koop ook die meerderheid van hul juweliersware in Vereeniging.

Karavane en kampeertoerusting het hoofsaaklik 'n Blanke mark. 'n Hoë persentasie van Meyerton se aankope van bogenoemde artikels vind in Vereeniging plaas, terwyl Vanderbijlpark en Sasolburg ook sodanige aankope in Vereeniging het.

Vereeniging is 'n belangrike inkoopsentrum vir sportdrag en sporttoerusting vir die Blanke dorpe van die Vaaldriehoek en verreweg die belangrikse inkoopsentrum vir die Swart woongebiede.

In Vereeniging is daar 'n konsentrasie van ondernemings wat kantoortoerusting voorsien. Die hoë persentasie van verkope aan die ander Blanke dorpe van die Vaaldriehoek dui daarop dat Vereeniging 'n streekfunksie in hierdie verband verrig.

Volgens Tabel 8.3 koop Sasolburg se bevolking feitlik ewe veel by Vereeniging en Vanderbijlpark. Vereeniging dien as vernaamste inkoopplek buite Sasolburg vir klere, skoene, huishoudelike weefstowwe, kantoortoerusting en sportdrag en sporttoerusting, alhoewel baie van hierdie artikels ook in Vanderbijlpark gekoop word.

Koopkraguitvloei uit die Vaaldriehoek is meestal van geringe omvang - met die uitsondering van motors, fotografiese toerusting, kantoortoerusting, juweliersware, kunsartikels en karavane en kampeertoerusting.

Samevattend blyk dit dus dat die handelsfunksie in Vereeniging in baie opsigte 'n spesialiteitsfunksie is wat vir die hele Vaaldriehoek gelewer word. Dit geld veral vir artikels en dienste van 'n middel tot hoër orde. Al die dorpe voorsien self die meerderheid laer orde-artikels en -dienste aan hul bevolkings.

### 8.2.3 DIE MATE WAARIN DIE VAALDRIEHOEK AS GEHEEL AS ARBEIDSVELD DIEN VIR WERKERS IN DIE HANDEL

Die herkoms van werkers in die handel in Vereeniging, Meyerton, Vanderbijlpark en Sasolburg word in Tabel 8.6 aangetoon. Die getalle van die Blankes, Kleurlinge en Asiërs is saamgevoeg waar dit van toepassing is.

| DORP | TOTAAL | HERKOMS VAN WERKERS | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | VEREENIGING | MEYERTON | VANDER-BIJLPARK | SASOLBURG | SEBOKENG | SHARPEVILLE | BOPHELONG EN BOIPATONG | ZAMDELA | ELDERS |
| Vereeniging | 4 973 | 2 703 | 61 | 139 | 25 | 603 | 1 410 | 27 | 0 | 5 |
| % | 100 | 54,35 | 1,23 | 2,80 | 0,50 | 12,13 | 28,35 | 0,54 | 0 | 0,10 |
| Meyerton | 765 | 27 | 441 | 8 | 0 | 203 | 72 | 6 | 0 | 8 |
| % | 100 | 3,53 | 57,65 | 1,05 | 0 | 26,54 | 9,41 | 0,78 | 0 | 1,04 |
| Vanderbijlpark | 2 553 | 94 | 8 | 1 297 | 68 | 671 | 135 | 262 | 6 | 12 |
| % | 100 | 3,68 | 0,31 | 50,80 | 2,67 | 26,28 | 5,29 | 10,26 | 0,24 | 0,47 |
| Sasolburg | 996 | 7 | 2 | 29 | 586 | 60 | 19 | 3 | 281 | 9 |
| % | 100 | 0,70 | 0,20 | 2,91 | 58,84 | 6,03 | 1,91 | 0,30 | 28,21 | 0,90 |

TABEL 8.6 HERKOMS VAN WERKERS IN DIE HANDEL - 1980 (HANDELSOPNAME, 1980)

In Tabel 8.6 kan die volgende gesien word:

1. Die handelswerkers van Vereeniging, Vanderbijlpark en Sasolburg is afkomstig van die hele Vaaldriehoek. Meyerton verkry werkers van al die dorpe behalwe Sasolburg.

2. Die meerderheid (92,32%) van Vereeniging se Blanke-, Kleurling- en Asiërwerkers is van die dorp self afkomstig. Van die ander dorpe lewer Vanderbijlpark die meeste Blanke werkers aan Vereeniging.

Die meerderheid van die Swart werkers is afkomstig van Sharpe=ville (68,95%) wat in Vereeniging se munisipale gebied geleë is. Sebokeng lewer ook 'n redelike groot getal Swart werkers aan Vereeniging.

3. Die meerderheid van Meyerton se Blanke werkers (91,88%) is van die dorp self afkomstig. Vereeniging (5,63%) en Vander=bijlpark voorsien die res van die Blanke werkers.

Swart werkers is hoofsaaklik afkomstig van Sebokeng (71,22%) aangesien Meyerton nie 'n eie Swart woongebied het nie. 'n Redelike aantal werkers is ook van Sharpeville (25,26%) afkomstig. Bophelong en Boipatong lewer slegs 'n klein getal Swart werkers.

4. Vanderbijlpark se Blanke werkers is hoofsaaklik van die dorp self afkomstig (88,05%). Die meerderheid van die oor=blywende werkers is afkomstig van Vereeniging (6,38%) en Sasol=burg (4,62%). 'n Baie klein persentasie is afkomstig van Meyerton.

Sebokeng voorsien die meerderheid Swart werkers (62,13%), terwyl redelike getalle ook afkomstig is van Bophelong en Boipatong (24,26%) asook van Sharpeville (12,5%). Die getal wat van Zamdela afkomstig is, is klein.

5. Sasolburg se Blanke werkers is hoofsaaklik van die dorp self afkomstig (93,16%). Vanderbijlpark (4,61%) is die enigste van die ander dorpe wat 'n redelike getal Blanke werkers voorsien. Die aantal wat deur Vereeniging en Meyerton voorsien word, is gering.

Swart werkers is hoofsaaklik afkomstig van Zamdela (76,57%) en van Sebokeng (16,35%). Die aantal Swart werkers van Sharpe= ville en Bophelong en Boipatong is gering.


6. Die arbeidsfeer van die handelsektore van die ver= skillende dorpe is hoofsaaklik tot die Vaaldriehoek beperk. Uit ŉ totaal van 9 287 handelswerkers is 9 253 (99,63%) van die Vaaldriehoek afkomstig en slegs 34 (0,37%) van buite die gebied.

7. Van die totale aantal handelswerkers is 53,55 persent in Vereeniging werksaam. Die meerderheid van hierdie werkers (87,71%) is woonagtig in Vereeniging en sy Swart woongebied Sharpeville - wat ŉ verdere aanduiding is dat Vereeniging ŉ diens aan die hele gebied lewer.

## 8.3 DIE BUSDIENS VIR SWARTES

Die Vaal Transport-Maatskappy verskaf ŉ doeltreffende busdiens aan die Swart woongebiede van die hele Vaaldriehoek. Die hoof= kantoor van die maatskappy is gesetel in Vereeniging vanwaar die diens vir die woongebiede in Transvaal beheer word. ŉ Tak= kantoor in Sasolburg behartig die diens vir Zamdela. Die maatskappy het ŉ totaal van 362 busse waarvan 348 gebruik word om die Swart woongebiede binne die studiegebied in Transvaal te bedien en 14 om Zamdela te bedien (mededeling, Oden, 1980).

Tabel 8.7 is ŉ uiteensetting van die verbindings wat deur die Swart busdiens in die Vaaldriehoek bewerkstellig word. Slegs die gegewens vir die heenreise word verskaf. In Figuur 8.2 word die volume van passasiersbeweging tussen die dorpe van die Vaaldriehoek aangetoon.




FIGUUR 8.2. AANTAL BUSPASSASIERS GEDURENDE 'n GEWONE WEEKSDAG 1980.

| OORSPRONG | BESTEMMING | MAANDAG TOT VRYDAG: DAAGLIKSE RITTE | MAANDAG TOT VRYDAG: AANTAL PASSA= SIERS DAAGLIKS | SATERDAG: AANTAL RITTE | SATERDAG: AANTAL PASSASIERS |
|---|---|---|---|---|---|
| Boipatong | Vereeniging | 9 | 450 | 13 | 650 |
| Boipatong | Vanderbijlpark | 4 | 260 | 4 | 260 |
| Boipatong | Bophelong | 45 | 2 475 | 27 | 1 485 |
| Boipatong | Bophelong via YSKOR | 23 | 1 495 | 9 | 585 |
| Boipatong | Sebokeng | 33 | 1 815 | 17 | 935 |
| Boipatong | VIKOR | 5 | 325 | 0 | 0 |
| Bophelong | Vereeniging | 36 | 1 440 | 26 | 2 600 |
| Bophelong | Vanderbijlpark | 5 | 325 | 1 | 85 |
| Bophelong | Sasolburg | 2 | 108 | 1 | 35 |
| Bophelong | Boipatong | 40 | 2 200 | 31 | 1 705 |
| Bophelong | Boipatong via YSKOR | 26 | 1 690 | 15 | 975 |
| Bophelong | Sebokeng via YSKOR | 74 | 4 070 | 68 | 3 740 |
| Bophelong | Sebokeng via Vanderbijl= park | 13 | 715 | 8 | 440 |
| Bophelong | Sharpeville | 5 | 300 | 4 | 210 |
| Sebokeng | Vereeniging | 102 | 5 610 | 120 | 7 200 |
| Sebokeng (Residensia) | Meyerton (direkte roete) | 42 | 2 468 | 23 | 1 500 |
| Sebokeng | Meyerton via Vereeniging | 32 | 1 628 | 15 | 836 |
| Sebokeng | Vanderbijlpark | 70 | 4 155 | 57 | 3 380 |
| Sebokeng | Sasolburg | 4 | 268 | 1 | 65 |
| Sebokeng | Boipatong | 18 | 990 | 13 | 715 |
| Sebokeng | Bopheling vir YSKOR | 98 | 5 390 | 87 | 4 785 |
| Sebokeng | Sharpeville | 36 | 1 908 | 25 | 1 300 |
| Sebokeng | VIKOR | 6 | 390 | 0 | 0 |
| Sebokeng | YSKOR | 84 | 5 460 | 43 | 2 795 |
| Sebokeng | YSKOR-Noord | 29 | 1 885 | 5 | 325 |
| Sharpeville | Vereeniging | 44 | 3 009 | 59 | 4 199 |
| Sharpeville | Meyerton via Vereeniging | 12 | 680 | 5 | 290 |
| Sharpeville | Vanderbijlpark | 18 | 998 | 15 | 840 |
| Sharpeville | Sasolburg via Vanderbijl= park | 2 | 80 | 1 | 46 |
| Sharpeville | Bophelong via Vanderbijl= park | 16 | 912 | 13 | 744 |
| Sharpeville | Sebokeng | 28 | 1 544 | 20 | 1 080 |
| Sharpeville | YSKOR | 26 | 1 650 | 18 | 969 |
| Zamdela (Protem) | Vereeniging | 36 | 1 988 | 49 | 3 541 |
| Zamdela (Protem) | Vanderbijlpark | 6 | 410 | 4 | 271 |
| Zamdela | Sasolburg nywerheidsgebied | 20 | 1 260 | 10 | 590 |

TABEL 8.7 VERBINDINGS DEUR DIE SWART BUSDIENS IN DIE VAALDRIEHOEK - 1980 (VAAL TRANSPORT-MAATSKAPPY, 1980)

In Tabel 8.7 kan die volgende gesien word:

1. Die Swart busdiens het die Vaaldriehoek as sy enigste bedieningsgebied.

2. Daar is 'n netwerk van busroetes wat die hele Vaal=driehoek insluit.

3. Boipatong het direkte verbindings met Vereeniging, Vanderbijlpark, Bophelong en Sebokeng. Die aantal busritte na Vanderbijlpark is beperk as gevolg van die kort afstand wat Boipatong van Vanderbijlpark geleë is. Dit is opvallend dat daar 'n toename in die aantal busritte en passasiers na Vereeni=ging op Saterdae is - wat 'n aanduiding is van Vereeniging se belangrikheid as inkoopsentrum. Die omvangryke wisselwerking met Bophelong en Sebokeng moet toegeskryf word aan sosiale besoeke. Daar is nie 'n busdiens tussen Boipatong en Sharpeville nie as gevolg van die nabyheid van die twee woongebiede. Die belangrikheid van Yskor as werkgewer blyk uit die aantal passa=siers wat daagliks daarheen ry.

4. Bophelong het direkte busdienste na Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg, Boipatong, Sebokeng en Sharpeville. Die aantal busritte na Vanderbijlpark is beperk as gevolg van die kort afstand wat Bophelong van Vanderbijlpark geleë is. Die aantal busritte en passasiers na Vereeniging is 'n aanduiding van die belangrike rol wat Vereeniging as werkplek sowel as inkoopsentrum vir Bophelong speel. Bophelong het veral sosiale wisselwerking met Boipatong soos blyk uit die aantal busritte en passasiers wat daarheen beweeg. Daar is ook wisselwerking met Sebokeng en Sharpeville. Yskor is 'n baie belangrike werk=verskaffer aan Bophelong soos die groot aantal passasiers wat daarheen beweeg, aantoon.

5. Sebokeng het wisselwerking met al die Blanke dorpe en Swart woongebiede van die Vaaldriehoek. Die wisselwerking met Vereeniging, Meyerton en Vanderbijlpark is omvangryk - soos die aantal busritte en passasiers aantoon. Uit die aantal busritte en passasiers op Saterdae (meer as op weeksdae) blyk dit dat Sebokeng intensiewe wisselwerking op inkoopgebied met

Vereeniging het. Vanderbijlpark speel 'n minder belangrike rol op hierdie gebied. Yskor speel 'n baie belangrike rol as werkverskaffer soos die aantal busritte en passasiers daarheen aantoon. Sharpeville is die Swart woongebied waarmee Sebokeng die intensiefste wisselwerking het.

6. Sharpeville het verbindings met al vier Blanke dorpe asook met Sebokeng en Bophelong. Sharpeville se wisselwerking met Vereeninging is die intensiefste sowel op weeksdae as op Saterdae. Uit die getal passasiers en busritte op Saterdae blyk dit dat Vereeniging 'n belangrike rol as inkoopsentrum speel. Yskor blyk 'n belangrike werkverskaffer aan Sharpeville te wees. Sharpeville het ook omvangryke wisselwerking met Sebokeng. Daar bestaan geen busdiens na Boipatong nie as gevolg van die nabyheid van die twee woongebiede.

7. Zamdela het busdienste na Vereeniging, Vanderbijlpark en Sasolburg se swaarnywerheidsgebied. Vereeniging speel 'n belangrike rol as inkoopsentrum vir Zamdela soos die omvangryke wisselwerking met Vereeniging veral op Saterdae aantoon. Die aantal heenritte wat aangebied word na Vereeniging op Saterdae is meer as op weeksdae ten spyte van die feit dat baie ondernemings nie Saterdae werk nie. Dit dui weer op die belangrike rol wat Vereeniging as inkoopsentrum speel.

## 8.4 STREEKKOERANT

Die Vaalweekblad met sy hoofkantoor in Vanderbijlpark is die streekkoerant van die Vaaldriehoek. Hierdie koerant plaas nuusberigte oor die hele Vaaldriehoek, terwyl die ondernemings wat advertensies daarin plaas ook in die Vaaldriehoek gesetel is.

Die koerant se verkope is 'n verdere aanduiding dat dit 'n funksie vir die hele gebied verrig, naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| Vereeniging | : | 28% |
| Meyerton | : | 5% |
| Vanderbijlpark | : | 40% |
| Sasolburg | : | 20% |
| Swart woongebiede en elders | : | 7% (Vaalweekblad, 1980). |

Die verspreiding van die koerant geskied uit die hoofkantoor in Vanderbijlpark, wat Vanderbijlpark en Sasolburg voorsien, en die takkantoor in Vereeniging, wat Vereeniging en Meyerton voorsien.

## 8.5 ONDERWYS

Tabel 8.8 is 'n uiteensetting van die opvoedkundige inrigtings van die dorpe van die Vaaldriehoek. Die leerlinggetalle betrokke by elke tipe inrigting word ook aangetoon.

| DORP | KOLLEGES EN UNIVERSITEITE | | HOËRSKOLE | | SPESIALE HOËRSKOLE | | LAERSKOLE | | KLEUTERSKOLE | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | AANTAL INRIGTINGS | STUDENTE | AANTAL | LEERLINGE | AANTAL | LEERLINGE | AANTAL | LEERLINGE | AANTAL | LEERLINGE | AANTAL INRIGTINGS | AANTAL STUDERENDES |
| Vereeniging | 0 | 0 | 6 | 4 316 | 1 | 640 | 12 | 8 985 | 4 | 416 | 23 | 14 357 |
| Meyerton | 0 | 0 | 1 | 1 200 | 0 | 0 | 5 | 2 900 | 1 | 65 | 7 | 4 165 |
| Vanderbijlpark | 2 | 3 039 | 5 | 3 724 | 2 | 1 564 | 13 | 9 915 | 4 | 425 | 26 | 18 667 |
| Sasolburg | 0 | 0 | 2 | 1 763 | 2 | 987 | 6 | 4 050 | 4 | 244 | 14 | 7 044 |
| TOTAAL | 2 | 3 039 | 14 | 11 003 | 5 | 3 191 | 38 | 25 850 | 13 | 1 150 | 70 | 44 233 |

TABEL 8.8 AANTAL OPVOEDKUNDIGE INRIGTINGS EN LEERLINGTALLE IN DIE VAALDRIEHOEK - 1980 (MUNISIPALITEITE VAN VEREENIGING, MEYERTON, VANDERBIJLPARK EN SASOLBURG, 1980; STREEKSINSPEKTEUR, VEREENIGING, 1980)

In Tabel 8.8 kan die volgende gesien word:

1. Die voorsiening van skole blyk redelik ooreen te stem met die leerlinggetalle van die dorpe soos blyk uit die volgende verhoudings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vereeniging | : | 1:624 | |
| Meyerton | : | 1:595 | |
| Vanderbijlpark | : | 1:651 | (kolleges en universiteite nie bygereken) |
| Sasolburg | : | 1:503 | |

2. Slegs Vanderbijlpark beskik oor inrigtings vir tersiêre opleiding, naamlik die Vaaldriehoekse tak van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Vaaldriehoekse Kollege vir Gevorderde Tegniese Opleiding (Vaaldriehoekse Technikon).

Die vier dorpe het gesamentlik besluit dat die Universiteit van die Vaaldriehoek, wat met die vestiging van die tak van die Potchefstroomse Universiteit in die vooruitsig gestel is, in Vanderbijlpark geleë sal wees. 'n Stuk grond langs die Vaalrivier, en aan die grens met Vereeniging, is vir dié doel bekom (vgl. Figuur 5.6).

Die Technikon het 'n strategiese ligging op die grens tussen Vanderbijlpark en Vereeniging - net suid van die nasionale deurpad tussen die dorpe.

Vereeniging (Roshnee) beskik oor die enigste hoërskool vir Indiërs in die Vaaldriehoek.

Onder die groep "Spesiale Hoërskole", beskik Vereeniging oor 'n Hoër Tegniese Skool, Vanderbijlpark oor 'n Hoër Tegniese skool asook 'n Handelskool en Sasolburg oor 'n Hoër Tegniese skool.

Alleenlik die herkoms van studente en leerlinge sal aandui of daar wisselwerking op opvoedkundige gebied tussen die dorpe van die Vaaldriehoek plaasvind.

Tabel 8.9 toon onder andere die getalle van studerendes wat in elk van die dorpe skoolgaan, maar elders woonagtig is. Die inligting vir die tabel is verkry deur persoonlike onderhoude met hoofde van skole en administratiewe personeel van die Universiteit en Technikon.

| INRIGTING | TOTAAL | AANTAL STUDERENDES AFKOMSTIG VAN | | | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | VEREENIGING | MEYERTON | VANDER=BIJLPARK | SASOL=BURG | VAAL=DRIEHOEK | ELDERS |
| VEREENIGING: | | | | | | | |
| Hoërskoolleerlinge | 4 316 | 4 036 | 34 | 26 | 0 | 4 096 | 220 |
| Spesiale Hoërskool-leerlinge | 640 | 475 | 83 | 0 | 0 | 558 | 82 |
| Laerskoolleerlinge | 8 985 | 8 875 | 0 | 0 | 0 | 8 875 | 110 |
| TOTAAL | 13 941 | 13 386 | 117 | 26 | 0 | 13 529 | 412 |
| MEYERTON: | | | | | | | |
| Hoërskoolleerlinge | 1 200 | 0 | 1 071 | 0 | 0 | 1 071 | 129 |
| Laerskoolleerlinge | 2 900 | 0 | 2 792 | 0 | 0 | 2 792 | 108 |
| TOTAAL | 4 100 | 0 | 3 863 | 0 | 0 | 3 863 | 237 |
| VANDERBIJLPARK: | | | | | | | |
| Universiteitstudente | 679 | 134 | 16 | 311 | 93 | 554 | 125 |
| Technikonstudente | 2 360 | 701 | 112 | 748 | 318 | 1 879 | 481 |
| Hoërskoolleerlinge | 3 724 | 0 | 0 | 3 701 | 0 | 3 701 | 23 |
| Spesiale Hoërskool-leerlinge | 1 564 | 3 | 0 | 1 545 | 0 | 1 548 | 16 |
| Laerskoolleerlinge | 9 915 | 0 | 0 | 9 900 | 0 | 9 900 | 15 |
| TOTAAL | 18 242 | 838 | 128 | 16 205 | 411 | 17 582 | 660 |
| SASOLBURG: | | | | | | | |
| Hoërskoolleerlinge | 1 763 | 0 | 0 | 0 | 1 617 | 1 617 | 146 |
| Spesiale Hoërskool-leerlinge | 987 | 0 | 0 | 0 | 909 | 909 | 78 |
| Laerskoolleerlinge | 4 050 | 0 | 0 | 0 | 3 955 | 3 955 | 95 |
| TOTAAL | 6 800 | 0 | 0 | 0 | 6 481 | 6 481 | 319 |

TABEL 8.9 HERKOMS VAN STUDENTE EN SKOOLLEERLINGE VAN DIE VAALDRIEHOEK - 1980. (HOOFDE VAN SKOLE; ADMINISTRATIEWE PERSONEEL VAN DIE PU VIR CHO EN TECHNIKON).

In Tabel 8.9 kan die volgende gesien word:

1. Van die totale studentetal van die Vaalriviertak van die Potchefstroomse Universiteit is 81,5 persent van die Vaal= driehoek afkomstig. Persentasiegewys is die herkoms van die studente soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Vereeniging | : | 19,73% |
| Meyerton | : | 2,35% |
| Vanderbijlpark | : | 45,80% |
| Sasolburg | : | 13,70% |
| Van elders | : | 18,41% |

2. Van die totale studentetal van die Technikon is 79,62 persent van die Vaaldriehoek afkomstig. Persentasiegewys is die herkoms van die studente soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Vereeniging | : | 29,70% |
| Meyerton | : | 4,75% |
| Vanderbijlpark | : | 31,70% |
| Sasolburg | : | 13,47% |
| Van elders | : | 20,38% |

Dit blyk dus dat die provinsiale grens nie 'n besonder groot invloed het op die beweging van studente op tersiêre onderwys= vlak nie - soos die redelik hoë persentasie van die studente wat van Sasolburg afkomstig is, aantoon.

3. Vereeniging verkry hoërskool- en spesiale hoërskool-leerlinge van Meyerton en Vanderbijlpark. Die Hoër Tegniese skool van Vereeniging verkry 83 (13%) van sy leerlinge van Meyerton - waar daar nie 'n tegniese skool is nie. Hierdie leerlinge maak gebruik van 'n skoolbusdiens. Daar is ook 34 leerlinge van gewone hoërskole, van Meyerton afkomstig. Ses-en-twintig Indiërleerlinge van Vanderbijlpark besoek die Indiër-hoërskool in Roshnee (Vereeniging).

4. Meyerton het geen leerlinge van die ander dorpe van die Vaaldriehoek nie.

5. Die gebrek aan 'n skoolbusdiens van die ander dorpe van die Vaaldriehoek is daarvoor verantwoordelik dat die Hoër Handelskool Lettie Fouché (die enigste in sy soort in die Vaal=driehoek) slegs drie leerlinge van Vereeniging en geen van Meyerton en Sasolburg verkry nie. Die Hoër Tegniese skool Carel de Wet, in Vanderbijlpark, verkry geen leerlinge van die res van die Vaaldriehoek nie as gevolg van soortgelyke skole in Vereeniging en Sasolburg en die gebrek aan 'n busdiens vir skoolleerlinge. Die feit dat Sasolburg in 'n ander provinsie geleë is - met die gevolglike verskil in leerplanne - is 'n belang=rike rede waarom leerlinge van Sasolburg nie na die ander dorpe gaan nie. Van die gewone hoërskole is daar geen leerlinge van die ander dorpe van die Vaaldriehoek afkomstig nie. Geeneen van hierdie skole het koshuise nie - wat die verklaring is vir die geringe getal leerlinge van elders.

6. Sasolburg se skole verkry geen leerlinge van die ander dorpe van die Vaaldriehoek nie as gevolg van soortgelyke fasiliteite in die ander dorpe en die feit dat Sasolburg in 'n ander provinsie geleë is.

# HOOFSTUK 9

# DIE ONTSPANNINGSKOMPONENT

## 9.1 INLEIDING

In ooreenstemming met die model vir die verspreide stad word die volgende vorms van wisselwerking op die gebied van ontspan= ning onderskei:

(i) Sosiale besoeke aan familie en vriende.

(ii) Die beoefening van ontspanningsaktiwiteite.

Die inligting vir die bestudering van die wisselwerking op die gebied van ontspanning is verkry deur die bevolkingsvraelys wat in die dorpe versprei is (vergelyk Bylae 2).

## 9.2 SOSIALE BESOEKE

In navolging van Stutz (1976, pp. 3-6) word alle besoeke aan vriende, bure en familie onder sosiale besoeke ingedeel. Omdat sosiale besoeke gedurende 'n individu of gesin se vrye tyd afgelê word, word dit as integrale deel van die ontspannings= komponent beskou.

Alleenlik besoeke wat binne die bestek van een weeksdag of naweeksdag plaasvind, word onder sosiale besoeke gereken. Vakansiebesoeke wat oor langer tydperke plaasvind, word dus nie onder sosiale besoeke gereken nie.

Die volgende aspekte van sosiale besoeke in die Vaaldriehoek word ondersoek:

(i) Die omvang van sosiale wisselwerking tussen die dorpe van die Vaaldriehoek.

(ii) Die patrone wat sosiale wisselwerking in die Vaaldriehoek openbaar.

Om die voorafgaande vrae te beantwoord, is respondente in die vraelys versoek om die aantal sosiale besoeke wat deur hulle en hulle gesinne per maand in hul tuisdorp, na elk van die ander dorpe in die Vaaldriehoek en na elders afgelê word as onderdeel van hul normale lewenswyse, aan te toon.

Tabel 9.1 is 'n samevatting van die resultate van die vraelys.

| | PLEK WAAR SOSIALE BESOEKE AFGELÊ WORD | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | VEREENIGING % | MEYERTON % | VANDERBIJLPARK % | SASOLBURG % | ELDERS % | TOTAAL % |
| Vereeniging | 70,18 | 6,12 | 14,13 | 3,77 | 5,80 | 100 |
| Meyerton | 15,30 | 70,55 | 3,47 | 0,23 | 10,45 | 100 |
| Vanderbijlpark | 16,11 | 1,22 | 70,30 | 7,03 | 5,34 | 100 |
| Sasolburg | 13,01 | 0,23 | 21,49 | 56,80 | 8,47 | 100 |

TABEL 9.1 PATROON VAN SOSIALE BESOEKE IN DIE VAALDRIEHOEK - 1980 (VOLGENS STEEKPROEF, 1980)

In Tabel 9.1 kan die volgende waargeneem word:

1. Daar bestaan aansienlike sosiale wisselwerking tussen die dorpe van die Vaaldriehoek.

2. In al die gevalle vind die meeste sosiale besoeke binne die dorpe self plaas.

3. Die meerderheid sosiale besoeke na buite vind in al die gevalle na die naaste buurdorp binne die Vaaldriehoek plaas.

4. Vereeniging het wisselwerking op sosiale gebied met al die ander dorpe van die Vaaldriehoek. Die wisselwerking met sy buurdorpe Vanderbijlpark en Meyerton is egter groter as dié met Sasolburg. Afstand speel waarskynlik die vernaamste rol om die omvang van sosiale besoeke na Sasolburg te beperk.

5. Meyerton het wisselwerking op sosiale gebied met al die ander dorpe van die Vaaldriehoek. Die wisselwerking met die buurdorp Vereeniging is egter baie meer as dié met Vanderbijlpark en Sasolburg.

6. Vanderbijlpark het wisselwerking met al die ander dorpe van die Vaaldriehoek. Die wisselwerking met Vereeniging is die grootste. ŉ Redelike aantal sosiale besoeke vind ook na Sasolburg plaas. Sosiale besoeke na Meyerton is gering. Afstand, die feit dat Vereeniging nader geleë is en Meyerton se kleiner bevolking wat ŉ swakker trekkrag uitoefen, speel waar= skynlik die vernaamste rol om sosiale besoeke na Meyerton te beperk.


7. Sasolburg het wisselwerking op sosiale gebied met al die ander dorpe van die Vaaldriehoek. Die mees omvangryke sosiale wisselwerking is met Vanderbijlpark. Daar bestaan ook omvangryke sosiale wisselwerking met Vereeniging.

8. In al die gevalle vind die meerderheid sosiale besoeke binne die Vaaldriehoek plaas. Die sosiale besoeke na plekke buite die gebied is nie omvangryk nie.

Die wisselwerking wat daar op sosiale gebied tussen die dorpe van die Vaaldriehoek plaasvind, word deur Figuur 9.1 uitgebeeld. Daar word van proporsionele sirkelsektore gebruik gemaak om die verhouding tussen plaaslike besoeke en besoeke na die ander dorpe aan te toon. Pylvloeilyne dui die volume van wissel= werking aan. Die patrone van die Kleurlinge en Asiërs word ook aangetoon. Dit blyk dat ŉ hoë persentasie van die sosiale besoeke van laasgenoemde twee bevolkingsgroepe na die Witwaters= rand plaasvind.

## 9.3 DIE ONTSPANNINGSPATROON

By die ontleding van die ontspanningspatrone van die Vaaldrie= hoekse bevolking is daar slegs aandag gegee aan ontspanningsbe= soeke wat binne die bestek van een dag of ŉ gedeelte van een dag uitgevoer word. Dit is hierdie vorm van ontspanningsbe= weging wat normaalweg binne een stad of in die onmiddellike omgewing daarvan plaasvind aangesien die beskikbare tyd te beperk is om oor groot afstande te beweeg. Dit is hierdie ont= spanningsbewegings wat op ŉ meer gereelde basis plaasvind as bewegings waarvoor ŉ langer tydsduur nodig is. Eersgenoemde bewegings is gevolglik veel groter in volume.




FIGUUR 9.1. WISSELWERKING OP SOSIALE GEBIED - 1980.

BRON : Volgens steekproef, 1980.

In die ontleding van die ontspanningstruktuur van die gebied is daar slegs aandag gegee aan die ontspanningspatrone van die Blanke bevolkingsgroep. Die rede hiervoor is dat die meerder=heid ontspanningsfasiliteite in die Vaaldriehoek nie vir die ander etniese groepe toeganklik is nie. 'n Ontleding van die Blankes se ontspanningspatrone sal dus 'n meer getroue beeld gee van die omvang van wisselwerking op hierdie gebied.

### 9.3.1 STRUKTUUR VAN DIE ONTSPANNINGSFASILITEITE

Tabel 9.2 is 'n uiteensetting van die verskillende soorte ont=spanningsfasiliteite wat in die dorpe aangetref word. Daar word onderskei tussen openbare ontspanningsfasiliteite, ont=spanningsfasiliteite met beperkte toegang en kommersiële ontspanningsfasiliteite.

| | VEREENIGING | VANDERBIJLPARK | SASOLBURG | MEYERTON |
|---|---|---|---|---|
| | GETAL | GETAL | GETAL | GETAL |
| OPENBARE ONTSPANNINGSFASILITEITE: | | | | |
| Algemene ontspanningsoorde | 0 | 0 | 1 | 0 |
| Botaniese tuine | 0 | 0 | 1 | 0 |
| Historiese en kulturele terreine | 4 | 1 | 0 | 0 |
| Kampeerterreine | 1 | 0 | 0 | 0 |
| Opelugteaters | 1 | 0 | 0 | 0 |
| Openbare parke en tuine | 7 | 7 | 7 | 0 |
| Openbare swembaddens | 3 | 2 | 1 | 1 |
| Piekniekterreine | 1 | 1 | 0 | 0 |
| Speelparke vir kinders | 11 | 15 | 6 | 1 |
| Sportterreine | 5 | 1 | 1 | 2 |
| Teaters | 1 | 0 | 1 | 0 |
| Trimparke | 2 | 2 | 2 | 0 |
| Voëlparke en dieretuine | 2 | 0 | 1 | 0 |
| Subtotaal | 38 | 29 | 21 | 6 |
| ONTSPANNINGSFASILITEITE MET BEPERKTE TOEGANG: | | | | |
| Ontspanningsfasiliteite vir werknemers | 3 | 5 | 1 | 0 |
| Privaat klubs | 1 | 4 | 0 | 0 |
| Subtotaal | 4 | 9 | 1 | 0 |
| KOMMERSIëLE ONTSPANNINGSFASILITEITE: | | | | |
| Bioskope | 1 | 2 | 1 | 0 |
| Inrybioskope | 2 | 2 | 1 | 0 |
| Dansplekke | 4 | 3 | 0 | 0 |
| Kegelbane | 0 | 1 | 0 | 0 |
| Muurbalsentrums | 0 | 1 | 0 | 0 |
| Ontspanningsoorde | 1 | 0 | 0 | 0 |
| Perderenbaan* | 1 | 0 | 0 | 0 |
| Set-Set bane | 0 | 1 | 0 | 0 |
| Ysskaatsbaan | 0 | 0 | 1 | 0 |
| Subtotaal | 9 | 10 | 3 | 0 |
| TOTAAL | 51 | 48 | 25 | 6 |

TABEL 9.2 ONTSPANNINGSFASILITEITE IN DIE VAALDRIEHOEK - 1980 (ONTSPANNINGSOPNAME, 1980).

* Die Perderenbaan (Vaalrenbaan) is ten suide van die Vaalrivier en Vereeniging geleë.

9.3.1.1 OPENBARE ONTSPANNINGSFASILITEITE

1. ALGEMENE ONTSPANNINGSOORD

Die Abrahamsrust-ontspanningsoord van Sasolburg is die enigste ontspanningsoord in die Vaaldriehoek wat aan hierdie beskrywing beantwoord. Hierdie ontspanningsoord is aan die Vaalrivier langs die Baddriftbrug geleë en beskik oor 'n piekniekterrein, hengelarea, karavaan- en kampeergeriewe, swembaddens, braai= vleisgeriewe, opelug-dansbane, 'n kinderspeelpark en vakansie= huise.

2. BOTANIESE TUINE

Die Hoëveldse Tuin in Sasolburg wat enersyds as bewaringsoord vir 'n groot verskeidenheid Hoëveldse plantsoorte dien en ander= syds as ontspanningsoord, is die enigste botaniese tuin in die Vaaldriehoek.

3. HISTORIESE EN KULTURELE TERREINE

Historiese en kulturele terreine in die Vaaldriehoek is beperk tot Vredesonderhandelingshuis, die Vryheidsmonument, die Gedenksteen op Markplein en dokter Leslie se huis - almal in Vereeniging - en die Wordingsmonument in Vanderbijlpark.

4. KAMPEERTERREINE

Kampeerterreine in die Vaaldriehoek kom slegs voor in Dickin= sonpark in Vereeniging en Abrahamsrust in Sasolburg.

5. OPELUGTEATERS

Die opelugteater in Vosloopark in Vereeniging waar balletver= tonings, Geloftefeeste en simfoniekonserte opgevoer word, is enig in sy soort in die Vaaldriehoek.

6. OPENBARE PARKE EN TUINE

Hierdie vorm van ontspanningsterrein wat hoofsaaklik vir wandelings en informele speelterreine gebruik word, kom redelik algemeen in al vier dorpe voor.

7. OPENBARE SWEMBADDENS

Al vier dorpe beskik oor openbare swembaddens waarvan een in Vereeniging, twee in Vanderbijlpark en een in Sasolburg verhit is.

8. PIEKNIEKTERREINE

Die Emfuleni-piekniekterrein in Vanderbijlpark word uitsluitend vir piekniek en hengel aangewend. Piekniekterreine kom ook voor in Dickinsonpark in Vereeniging en Abrahamsrust in Sasolburg.

9. SPEELPARKE VIR KINDERS

Speelparke vir kinders kom in al vier dorpe voor, maar Meyerton is baie swak voorsien van hierdie soort ontspanningsfasiliteite.

10. SPORTTERREINE

Terreine waar daar fasiliteite vir 'n groot verskeidenheid sportsoorte bestaan, kom in al vier dorpe voor. Fasiliteite wat aangebied word, stem in 'n groot mate ooreen - met die uit=sondering van 'n polo-terrein in Vereeniging en 'n tartan-atletiek=baan in Sasolburg.

11. TEATERS

Die Etienne Rousseau-teater in Sasolburg en die Stadskouburg in Vereeniging is die enigste openbare teaters in die Vaaldriehoek.

12. TRIMPARKE

Met die uitsondering van Meyerton beskik al die dorpe oor trimparke.

13. VOëLPARKE EN DIERETUINE

Die voëlpark in Sasolburg, die Leeuwkuildam-voëlreservaat en die dieretuin in Dickinsonpark in Vereeniging is die enigste fasiliteite van hierdie aard in die Vaaldriehoek.

9.3.1.2 ONTSPANNINGSFASILITEITE MET BEPERKTE TOEGANG

1. ONTSPANNINGSFASILITEITE VIR WERKNEMERS

Yskor, Sasol 1, Usco, Stewart en Lloyds en die Blanke hospitaal in Vereeniging bied 'n groot verskeidenheid sport- en ontspan= ningsfasiliteite aan hul werknemers. Die Holiday Inn-hotel in Vanderbijlpark het ook 'n privaat-ontspanningsterrein vir sy gaste.

2. PRIVAAT KLUBS

Die Emfuleni-gholf- en buiteklub, die Eligwa-motorbootklub, die Vaal Marina-bootklub en die Portugese klub - almal in Vander= bijlpark - en die Vereeniging-buiteklub en -gholfbaan ressorteer onder hierdie groep.

9.3.1.3 KOMMERSIëLE ONTSPANNINGSFASILITEITE

1. BIOSKOPE

Met die uitsondering van Meyerton beskik al die dorpe oor bioskope.

2. INRYBIOSKOPE

Met die uitsondering van Meyerton beskik al die dorpe oor inrybioskope.

3. DANSPLEKKE

Slegs Vereeniging en Vanderbijlpark beskik oor dansplekke. In al vier dorpe word danse egter ook in die hotelle en verskeie sale aangebied.

4. KEGELBANE

Vanderbijlpark beskik oor die enigste kegelbaan in die Vaal= driehoek.

5. MUURBALSENTRUMS

Slegs Vanderbijlpark beskik oor 'n kommersiële muurbalsentrum. Muurbalbane kom egter in al die dorpe in munisipale sportsen= trums en privaat klubs voor.

6. ONTSPANNINGSOORDE

Die Riviera-ontspanningsoord in Vereeniging, waar allerlei bootsporte en waterski onder andere beoefen word, is die enig= ste ontspanningsoord in die Vaaldriehoek wat aan 'n privaat ontwikkelaar behoort.

7. PERDERENBAAN

Die Vaalrenbaan is net suid van Vereeniging aan die Vrystaatse kant van die Vaalrivier geleë.

8. SET-SET-BANE

Vanderbijlpark beskik oor die enigste baan in die Vaaldriehoek.

9. YSSKAATSBAAN

Die Oranje-Vaal-ysskaatsbaan by die Baddriftbrug in Sasolburg is die enigste ysskaatsbaan in die Vaaldriehoek.

9.3.1.4 ONTLEDING VAN DIE ONTSPANNINGSFASILITEITE

Van Tabel 9.2 en die voorafgaande bespreking kan die volgende afleidings gemaak word:

Daar bestaan ontspanningsfasiliteite wat in al vier dorpe be= beskikbaar is en dus normaalweg nie wisselwerking sal ontlok nie. Hieronder val openbare parke en tuine, speelparke vir kinders, openbare swembaddens en sportterreine.

Daar bestaan 'n aantal ontspanningsfasiliteite wat slegs in een dorp aangetref word. Hieronder val die Hoëveldse tuin, die voëlpark, die tartan-atletiekbaan en die ysskaatsbaan in

Sasolburg, die kegelbaan en set-set-baan in Vanderbijlpark, die poloveld in Vereeniging en die perderenbaan. Die meerderheid van bogenoemde is ontspanningsfasiliteite van 'n hoër orde wat mense oor 'n groter area aantrek as bloot die dorp waarbinne dit geleë is.

Daar bestaan bepaalde leemtes in die voorsiening van ontspanningsgeriewe in die dorpe - wat die moontlikheid skep van wisselwerking met 'n buurdorp. In vergelyking met die ander dorpe is Vereeniging oor die algemeen goed voorsien van ontspanningsfasiliteite en bestaan daar geen noemenswaardige leemtes nie.

Dit blyk dat daar in Meyerton 'n groot tekort is aan ontspanningsfasiliteite van al drie subgroepe. Daar bestaan dus 'n potensiaal vir wisselwerking met die ander dorpe van die Vaaldriehoek.

Vanderbijlpark het geen algemene ontspanningsoord, kampeerterrein en openbare teater nie. Hierdie is normaalweg ontspanningsfasiliteite waarvoor daar 'n groot aanvraag bestaan. Daar bestaan dus 'n potensiaal vir omvangryke wisselwerking met buurdorpe wat oor hierdie fasiliteite beskik.

Sasolburg blyk 'n tekort te hê aan sommige kommersiële ontspanningsfasiliteite hoewel die dorp oor die algemeen goed voorsien is.

### 9.3.2 ONTSPANNINGSPATRONE VAN DIE DORPE

In die vraelys is respondente versoek om aan te toon aan watter ontspanningsaktiwiteite hulle en hul gesinslede deelneem en in watter dorp(e) van die Vaaldriehoek of elders dit beoefen word.

Tabel 9.3 is 'n uiteensetting van die ontspanningspatroon van die dorpe van die Vaaldriehoek soos bepaal deur die steekproef. Die persentasie van die ontspanningsaktiwiteite wat in die verskillende dorpe van die Vaaldriehoek en elders beoefen word, word aangetoon.

| | PLEK WAAR ONTSPANNINGSAKTIWITEIT BEOEFEN WORD | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | VEREEN= IGING % | MEYER= TON % | VANDER= BIJLPARK % | SASOL= BURG % | VAALDRIE= HOEK % | ELDERS % |
| Vereeniging | 68,34 | 0,12 | 14,33 | 5,40 | 88,19 | 11,81 |
| Meyerton | 40,76 | 35,12 | 3,87 | 2,43 | 82,18 | 17,82 |
| Vanderbijlpark | 13,24 | 0 | 60,24 | 19,30 | 92,78 | 7,22 |
| Sasolburg | 2,50 | 0 | 6,78 | 81,73 | 91,01 | 8,99 |

TABEL 9.3 ONTSPANNINGSPATROON VAN DIE DORPE VAN DIE VAALDRIEHOEK - 1980 (VOLGENS STEEKPROEF, 1980)

Uit Tabel 9.3 blyk dit dat verreweg die meerderheid ontspannings= aktiwiteite in die tuisdorpe self en in die res van die Vaaldrie= hoek beoefen word.

Vereeniging se grootste wisselwerking is met sy naaste buurdorp Vanderbijlpark.

Meyerton het baie intensiewe wisselwerking met Vereeniging. In Tabel 9.2 kan gesien word dat Meyerton 'n tekort aan ontspannings= fasiliteite het. Dit verklaar die intensiewe wisselwerking met Vereeniging en die vloei na elders.

Vanderbijlpark toon redelik intensiewe wisselwerking met Sasol= burg en Vereeniging.

Sasolburg blyk goed voorsien te wees van ontspanningsfasiliteite soos die hoë plaaslike deelnamesyfer aantoon. Sasolburg se grootste wisselwerking is met sy naaste buurdorp Vanderbijlpark.


Tabel 9.4 is 'n uiteensetting van die wisselwerking op ontspan= ningsgebied tussen die dorpe van die Vaaldriehoek. Daar word 'n onderskeid gemaak tussen die drie kategorieë van ontspannings= fasiliteite, naamlik:

1. Openbare ontspanningsfasiliteite.

2. Ontspanningsfasiliteite wat beperk beskikbaar is (dit sluit in privaat klubs en fasiliteite wat deur maatskappye en instansies tot die beskikking van werknemers gestel word.

3. Kommersiële ontspanningsfasiliteite (waar 'n winsmotief ter sprake is).

Ter aanvulling van Tabel 9.4 is Figuur 9.2 saamgestel wat 'n voorstelling is van die omvang van die wisselwerking op ontspanningsgebied in die Vaaldriehoek. Daar is gebruik gemaak van proporsionele sirkelsektore en pylvloeilyne wat in verhouding is tot die volume van wisselwerking op ontspanningsgebied tussen die dorpe.




FIGUUR 9. 2. ONTSPANNINGSPATROON VAN DIE VAALDRIEHOEK-1980

BRON : Volgens steekproef, 1980.

| ONTSPANNINGS = AKTIWITEIT | DORP VAN HERKOMS: VEREENIGING | | | | MEYERTON | | | | VANDERBIJLPARK | | | SASOLBURG | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| DORP WAAR AKTIWITEIT BEOEFEN WORD | VER GETAL DEEL= NEMERS | MEY GETAL DEEL= NEMERS | VDBP GETAL DEEL= NEMERS | SASOL GETAL DEEL= NEMERS | VER GETAL DEEL= NEMERS | MEY GETAL DEEL= NEMERS | VDBP GETAL DEEL= NEMERS | SASOL GETAL DEEL= NEMERS | VER GETAL DEEL= NEMERS | VDBP GETAL DEEL= NEMERS | SASOL GETAL DEEL= NEMERS | VER GETAL DEEL= NEMERS | VDBP GETAL DEEL= NEMERS | SASO GETA DEEL NEME |
| PENBARE ONTSPAN= INGSFASILITEITE: | | | | | | | | | | | | | | |
| lgemene Ontspan= ningsoorde | 0 | 0 | 0 | 56 | 0 | 0 | 0 | 15 | 0 | 0 | 390 | 0 | 0 | 4 |
| otaniese tuine | 0 | 0 | 0 | 8 | 0 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 | 1 |
| istoriese en Kul= turele terreine | 5 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 2 | 1 | 0 | 1 | 0 | |
| ampeerterreine | 58 | 0 | 0 | 22 | 29 | 0 | 0 | 8 | 31 | 0 | 56 | 7 | 0 | |
| pelugteaters | 25 | 0 | 0 | 0 | 4 | 0 | 0 | 0 | 13 | 0 | 0 | 2 | 0 | |
| penbare Swembad | 407 | 0 | 1 | 0 | 1 | 278 | 0 | 0 | 0 | 514 | 0 | 0 | 0 | 3 |
| iekniekterreine | 440 | 0 | 78 | 0 | 165 | 0 | 35 | 0 | 4 | 678 | 14 | 3 | 19 | |
| portterreine | 350 | 2 | 41 | 1 | 30 | 198 | 0 | 0 | 61 | 403 | 14 | 0 | 0 | 2 |
| eaters | 89 | 0 | 0 | 1 | 56 | 0 | 0 | 0 | 62 | 0 | 27 | 1 | 0 | |
| rimparke | 9 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 25 | 0 | 0 | 0 | |
| oëlparke en Dieretuine | 166 | 0 | 0 | 5 | 24 | 0 | 0 | 2 | 4 | 0 | 11 | 0 | 0 | |
| Subtotaal | 1 549 | 2 | 120 | 93 | 311 | 476 | 35 | 28 | 177 | 1 620 | 515 | 14 | 19 | 1 3 |
| | 87,81% | 0,12% | 6,80% | 5,27% | 36,59% | 56% | 4,12% | 3,29% | 7,66% | 70,06% | 22,28% | 0,98% | 1,33% | 97, |
| NTSPANNINGSFASILI= EITE MET BEPERKTE OEGANG: | | | | | | | | | | | | | | |
| ootklubs | 27 | 0 | 5 | 0 | 7 | 0 | 7 | 0 | 0 | 32 | 0 | 0 | 9 | |
| holfbane | 33 | 0 | 0 | 0 | 13 | 0 | 0 | 0 | 0 | 32 | 0 | 0 | 24 | |
| okkievelde | 25 | 0 | 3 | 0 | 0 | 5 | 0 | 0 | 0 | 26 | 0 | 0 | 0 | |
| rieketvelde | 37 | 0 | 2 | 0 | 0 | 16 | 0 | 0 | 0 | 34 | 0 | 0 | 3 | |
| uurbalbane | 41 | 0 | 4 | 0 | 1 | 19 | 0 | 0 | 1 | 47 | 2 | 0 | 2 | |
| luimbalbane | 13 | 0 | 3 | 0 | 0 | 23 | 0 | 0 | 2 | 31 | 2 | 0 | 2 | |
| ingtennisbane | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 0 | 0 | 0 | 12 | 0 | 0 | 1 | |
| ugbyvelde | 189 | 2 | 3 | 1 | 3 | 65 | 0 | 0 | 4 | 196 | 4 | 0 | 7 | 1 |
| okkervelde | 62 | 1 | 2 | 0 | 0 | 7 | 0 | 0 | 1 | 29 | 0 | 0 | 1 | |
| ennisbane | 135 | 1 | 5 | 0 | 0 | 67 | 0 | 0 | 0 | 140 | 1 | 0 | 7 | 1 |
| Subtotaal | 564 | 4 | 27 | 1 | 24 | 206 | 0 | 0 | 8 | 579 | 9 | 0 | 56 | 3 |
| | 94,63% | 0,67% | 4,53% | 0,17% | 10,43% | 89,57% | 0% | 0% | 1,34% | 97,15% | 1,51% | 0% | 13,11% | 86, |
| OMMERSIëLE ONTSPAN = INGSFASILITEITE: | | | | | | | | | | | | | | |
| ioskope | 429 | 0 | 145 | 3 | 93 | 0 | 15 | 0 | 153 | 416 | 13 | 0 | 26 | 2 |
| ansplekke | 135 | 0 | 66 | 0 | 69 | 71 | 1 | 0 | 69 | 166 | 6 | 0 | 46 | |
| nrybioskope | 533 | 0 | 352 | 108 | 163 | 0 | 27 | 0 | 157 | 548 | 253 | 1 | 42 | 2 |
| egelbane | 0 | 0 | 31 | 0 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 | 43 | 0 | 0 | 9 | |
| ntspanningsoorde | 208 | 0 | 0 | 0 | 196 | 0 | 0 | 0 | 81 | 0 | 0 | 6 | 0 | |
| erderenbaan | 140 | 0 | 0 | 0 | 18 | 0 | 0 | 0 | 126 | 0 | 0 | 52 | 0 | |
| et-Set-baan | 0 | 0 | 5 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 | 0 | 19 | 0 | 0 | 0 | |
| sskaatsbaan | 0 | 0 | 0 | 76 | 0 | 0 | 0 | 24 | 0 | 0 | 328 | 0 | 0 | 1 |
| Subtotaal | 1 445 | 0 | 599 | 187 | 539 | 71 | 48 | 24 | 586 | 1 192 | 600 | 59 | 123 | 5 |
| | 64,77% | 0% | 26,85% | 8,38% | 79,03% | 10,41% | 7,04% | 3,52% | 24,64% | 50,13% | 25,23% | 7,65% | 15,95% | 76, |
| TOTAAL | 3 558 | 6 | 746 | 281 | 874 | 753 | 83 | 52 | 771 | 3 391 | 1 124 | 73 | 198 | 2 3 |
| % | 77,50% | 0,13% | 16,25% | 6,12% | 49,60% | 42,74% | 4,71% | 2,95% | 14,59% | 64,15% | 21,26% | 2,78% | 7,53% | 89, |

TABEL 9.4 DEELNAME AAN ONTSPANNINGSFASILITEITE DEUR DIE BLANKE BEVOLKING VAN DIE VAALDRIEHOEK - 1980 (VOLGENS TIEN PERSENT STEEKPROEF, 1980).

Uit 'n Ontleding van Tabel 9.4 blyk die volgende:

1. Ontspanningsfasiliteite wat uniek beskikbaar is, trek deelnemers van oor die hele Vaaldriehoek. Dit sluit die volgende in;

i) Botaniese tuin in Sasolburg
ii) Dieretuin in Vereeniging
iii) Voëlpark in Sasolburg
iv) Kegelbaan in Vanderbijlpark
v) Set-Set-baan in Vanderbijlpark
vi) Die Oranje-Vaal-ysskaatsbaan in Sasolburg
vii) Opelugteater in Vereeniging
viii) Perderenbaan (Vaalrenbaan) suid van die Vaalrivier en Vereeniging

Van bogenoemde fasiliteite trek die Ysskaatsbaan in Sasolburg en die perderenbaan die meerderheid deelnemers vanoor die hele Vaaldriehoek.

2. Ontspanningsfasiliteite wat nie beskikbaar is in 'n dorp nie is daarvoor verantwoordelik dat daardie fasiliteite in 'n buurdorp besoek word. Met die uitsondering van die fasiliteite wat uniek beskikbaar is, sluit dit die volgende fasiliteite in:

i) Die historiese en kulturele terreine in Vereeniging en Vanderbijlpark trek mense van Sasolburg en Meyer=ton - hoewel van 'n beperkte omvang.

ii) Meyerton en Vanderbijlpark het nie kampeerterreine nie en hul inwoners maak van hierdie fasiliteite in Vereeniging en Sasolburg gebruik.

iii) Meyerton en Vanderbijlpark het nie teaters nie en hul inwoners maak van die teaters in Vereeniging en Sasolburg gebruik.

iv) Sasolburg beskik nie oor 'n eie gholfbaan nie en sy gholfspelers maak gebruik van die Emfuleni-gholfbaan in Vanderbijlpark.

v) Meyerton beskik ook nie oor 'n eie gholfbaan nie en sy gholfspelers maak gebruik van die Riviera-gholf= baan in Vereeniging.

vi) Meyerton beskik nie oor 'n bioskoop en inrybioskoop nie en sy bevolking maak veral gebruik van hierdie fasiliteite in Vereeniging.

3. Dit kan aanvaar word dat die groot getal besoeke wat ontspanningsfasiliteite soos inrybioskope, dansplekke, ontspan= ningsoorde, kampeerterreine en piekniekterreine vanoor die hele Vaaldriehoek ontvang, die gevolg is van die vryer keuse wat die kort afstande tussen die dorpe bied.

4. Vereeniging het wisselwerking op ontspanningsgebied met al die ander dorpe van die Vaaldriehoek. Die wisselwerking is veral met Vanderbijlpark en in 'n mindere mate met Sasolburg. Kommersiële ontspanningsfasiliteite is verantwoordelik vir die grootste getal besoeke aan laasgenoemde twee dorpe.

Die geringe wisselwerking met Meyerton is waarskynlik toe te skryf aan laasgenoemde dorp se swak voorsiening van ontspan= ningsfasiliteite.

5. Meyerton het wisselwerking op ontspanningsgebied met al die ander dorpe van die Vaaldriehoek. Die dorp se tekort aan ontspanningsfasiliteite blyk uit die lae persentasie ont= spanningsaktiwiteite wat in die dorp self beoefen word.

Op ontspanningsgebied is daar omvangryke wisselwerking met Vereeniging waar 49,60 persent van die ontspanningsaktiwiteite van Meyerton se bevolking beoefen word. Kommersiële en openbare ontspanningsfasiliteite is veral verantwoordelik vir die wisselwerking met Vereeniging. Dieselfde geld vir die wisselwerking met Vanderbijlpark en Sasolburg.

6. Vanderbijlpark het wisselwerking op ontspanningsge= bied met Vereeniging en Sasolburg, maar nie met Meyerton nie.

Die wisselwerking met Vereeniging en Sasolburg is intensief en word veral veroorsaak deur openbare en kommersiële ontspannings= fasiliteite. Die strategies geleë Oranje-Vaal-ysskaatsbaan (die enigste in die Vaaldriehoek), Abrahamsrust-ontspanningsoord en Vaal-Inryteater - almal aan die Baddriftbrug en dus baie toeganklik vir Vanderbijlpark - is vir verreweg die meerderheid ontspanningsbesoeke aan Sasolburg verantwoordelik.

Meyerton se tekort aan ontspanningsfasiliteite en die feit dat Vereeniging tussen die twee dorpe geleë is, is waarskynlik verantwoordelik daarvoor dat daar geen wisselwerking op ont= spanningsgebied met Meyerton is nie.

7. Sasolburg het wisselwerking op ontspanningsgebied met Vereeniging en Vanderbijlpark, maar nie met Meyerton nie.

Sasolburg is goed voorsien van ontspanningsfasiliteite soos die hoë persentasie ontspanningsaktiwiteite wat plaaslik beoefen word, aandui.

Wisselwerking is veral met die naaste buurdorp Vanderbijlpark en kommersiële en beperkte ontspanningsfasiliteite is veral hiervoor verantwoordelik.

Wisselwerking met Vereeniging op hierdie gebied is gering - waarskynlik as gevolg van die goeie plaaslike fasiliteite en Vanderbijlpark wat nader geleë is en die leemtes kan vul.

Die gebrek aan 'n sterk magneet in Meyerton en die tussenkomende geleenthede wat Vanderbijlpark en Vereeniging bied, is waar= skynlik die vernaamste redes waarom daar geen wisselwerking met Meyerton is nie.

# HOOFSTUK 10

# DIE OWERHEIDSKOMPONENT

## 10.1 INLEIDING

Owerheidsbeheer in die Vaaldriehoek word uitgeoefen deur die Sentrale Regering, Staatskorporasies, die Provinsiale Administrasies van Transvaal en die Vrystaat en die plaaslike owerhede.

Inligting oor die werksaamhede van hierdie instansies is hoofsaaklik ingewin deur persoonlike onderhoude, telefoongesprekke en briefwisseling met verantwoordelike persone wat betrokke is by hierdie instansies en hul vertakkinge in die Vaaldriehoek.

## 10.2 DIE SENTRALE REGERING

### 10.2.1 OORHOOFSE BEPLANNING

Sekerlik die belangrikste rol wat die Sentrale Regering in die Vaaldriehoek speel, is om riglyne neer te lê vir toekomstige grondgebruik in die tussenstedelike gebiede. Die aanvoorwerk hiervoor is reeds in 1971 gedoen toe 'n hulpkomitee van die Beplanningsadviesraad van die Eerste Minister 'n dokument getitel "Voorstelle vir 'n Gidsplan vir die Vereeniging-Vanderbijlpark-Sasolburgkompleks" vrygestel het. Hierdie dokument bevat agtergrondinligting omtrent die gebied asook 'n oorhoofse grondgebruikplan waarin daar, onder meer, aandag aan die ontwikkeling van die rivieroewer tussen die Vaaldam en die Barrage geskenk word (Kantoor van die Eerste Minister, 1980, p. ii).

In 1974 en 1975 verskyn twee verdere publikasies van die gewese Departement van Beplanning en die Omgewing wat bepaalde riglyne vir die ontwikkeling van die Vaalrivierkompleks, as onderdeel van die PWV-kompleks, neerlê. Hierdie twee publikasies was getitel "Voorstelle vir 'n Gidsplan vir die PWV-kompleks", wat in 1974 verskyn het en "Aangepaste Voorstelle vir 'n Gidsplan vir die PWV-kompleks", wat in 1975 verskyn het.


Hierdie publikasies bevat, in breë trekke, die destydse Departement van Beplanning en die Omgewing se mediumtermyn-grondgebruikvoorstelle vir die PWV-kompleks, met die oog op die voorlegging daarvan aan die onderskeie gidsplankomitees wat mettertyd, ingevolge die bepalings van die Wet op Omgewingsbeplanning, 1967 - Wet 88 van 1967 (Suid-Afrika, Republiek, 1967, pp. 91-99), vir die afsonderlike substreke binne die gebied ingestel sou word. Bogenoemde dokumente het in hoofsaak te make met oopruimtes en die benutting daarvan op streeksvlak. Voorstelle is egter ook gedoen vir stedelike ontwikkelingsgrense op die medium-korttermyn.

In Julie 1975 het die Regering die "Wysigingswetsontwerp op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne" aanvaar waardeur gidsplanne wetlike status kan verkry. Hierdeur kon die gidsplanne bindend word vir sowel die algemene publiek as owerheidsinstansies (Rossouw, 1980, p. 4). Op hierdie wyse is die weg gebaan vir die destydse Departement van Beplanning en die Omgewing om voort te gaan met die koördinering van gidsplanne.

Op 7 Maart 1977 het die Minister van Beplanning en die Omgewing, kragtens die bepalings van artikel 6A(1) van die Wet op Omgewingsbeplanning, 1967, goedkeuring verleen vir die instelling van 'n statutêre gidsplankomitee vir die Vaalrivierkompleks. Die toepaslike kennisgewing en die grensbeskrywing van die gidsplangebied het op 3 Februarie 1978 in die Staatskoerant verskyn (Suid-Afrika, Republiek, 1978b, pp. 3-6).

Die grense van die Vaalrivierkompleks word aangetoon in Figuur 10.1. Soos op die kaart gesien kan word, bestaan hierdie gidsplangebied uit die landdrosdistrikte van Vereeniging (wat Meyerton ook insluit), Vanderbijlpark en Sasolburg en dié gedeeltes van die landdrosdistrikte van Balfour, Frankfort, Heidelberg en Heilbron wat grens aan die Vaaldam. Die Vaaldam as geheel val ook binne hierdie gebied.

Die komitee vir die Vaalrivierkompleks het bestaan uit verteenwoordigers van alle belanghebbende liggame in die gebied.




FIGUUR 10. 1. VAALRIVIERKOMPLEKS – GIDSPLANGEBIED.

Dit het naamlik bestaan uit verteenwoordigers van die Departe= mente van Gemeenskapsbou, Gesondheid, Landboutegniese Dienste, Mynwese, Samewerking en Ontwikkeling, Sport en Ontspanning en Waterwese, die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie, EVKOM, die Randwaterraad, die Departement van Plaaslike Bestuur en Paaie, die Afdeling Natuurbewaring van die Transvaalse Pro= vinsiale Administrasie, die Oranje-Vaal-Administrasieraad, die stadsrade van Vereeniging, Meyerton en Vanderbijlpark, die munisipaliteit van Sasolburg, die dorpsraad van Deneysville, die dorpsbestuur van Oranjeville en die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede (Kantoor van die Eerste Minister, 1980, p. 11).

Ingevolge artikel 6 A (1) van die Wet op Omgewingsbeplanning, 1967, is opdrag aan die verskillende gidsplankomitees gegee om: ".... 'n ontwerpgidsplan op te stel waarin die vereistes vir sodanige ontwikkeling en die grondgebruik bepaal word" (Suid= Afrika, Republiek, 1967, p. 95).

Die gidsplan moet dus gesien word as 'n verlengstuk van die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan waarin daar van owerheids= weë 'n duidelike beleidsverklaring ten opsigte van die toekoms= tige ruimtelike besettingspatroon gemaak word. Dit dien dus as 'n raamwerk waarbinne fisiese beplanning op stedelike en streekvlak moet plaasvind en waarbinne ontwikkelingsprioriteite bepaal sal word. Die gidsplan vorm dus die raamwerk waarbinne optrede in die studiegebied deur sowel die openbare as die private sektor in die kort tot mediumtermyn moet plaasvind aangesien die grondgebruikbepalings statutêr bindend is (Rossouw, 1980, p. 6).

Nadat die Gidsplankomitee die ontwerpgidsplan vir die Vaalri= vierkompleks saamgestel het, is dié plan op 9 Mei 1980 vir insae beskikbaar gestel om alle belanghebbendes die geleentheid te bied om skriftelike vertoë daarop te lewer. Daarna is die dokument tesame met alle vertoë wat ontvang is aan die Admi= nistrateurs van Transvaal en die Oranje-Vrystaat vir hul kommentaar voorgelê. Die gidsplan vir die Vaalrivierkompleks is daarop goedgekeur deur die destydse Minister van Binnelandse Aangeleenthede waarna dit statutêr bindend geword het (Kantoor van die Eerste Minister, 1982).

## 10.2.2 LANDDROSKANTORE EN HOWE

Volgens die organisasie van die Departement Justisie is die Republiek van Suid-Afrika verdeel in 'n groot aantal landdros=distrikte wat elkeen selfstandig is en direk onder die Sekretaris van Justisie in Pretoria ressorteer. In die Vaal=driehoek word die landdrosdistrikte van Vereeniging (wat Meyer=ton insluit), Vanderbijlpark en Sasolburg aangetref. Elk van hierdie dorpe asook Meyerton beskik oor 'n eie landdroskantoor.

Die Streekhof, wat minstens een maal per week op Vereeniging sitting het, bedien Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg en Meyerton. Ten spyte van die feit dat Sasolburg in 'n ander provinsie geleë is, word daar dus op regsgebied aanvaar dat die dorp in dieselfde streek tuishoort.

Die Hooggeregshof se rondgaande afdeling het ook kwartaalliks sitting op Vereeniging (Vereeniging-landdroskantoor, 1980).

Hierdie hof het dieselfde jurisdiksie as die Hooggeregshof in Pretoria. Wat die Hooggeregshof betref ressorteer die Vaaldriehoek direk onder Pretoria, maar die Rondgaande hof verhoor slegs strafsake van die gebied. Wat die jurisdiksie van die Rondgaande hof betref val al die dorpe van die Vaal=driehoek dus binne dieselfde streek.

## 10.2.3 POLISIEDIENS

Aangesien die polisie-afdelings op provinsiale grondslag funksioneer, word daar nie 'n gemeenskaplike beheer vir die hele Vaaldriehoek aangetref nie.

Die Transvaalse dorpe van die Vaaldriehoek word egter bedien deur een polisiedistrik, naamlik die Vereeniging-distrik met sy hoofkwartier op Vereeniging. Die polisiedistrik van Vereeniging word beheer deur 'n distrikskommandant. Hierdie distrik sluit die stasiegebiede van Vereeniging, Vanderbijl=park, Meyerton, Sebokeng, Sharpeville en die Barrage in - elk met sy eie stasiebevelvoerder. Hierdie distrik ressorteer verder saam met die polisiedistrikte van Krugersdorp

en Roodepoort onder die Wes-Randafdeling met hoofkwartier op Krugersdorp. Die Wes-Randafdeling ressorteer weer direk onder polisiehoofkwartier in Pretoria (Vereeniging-polisie=kantoor, 1980).

Sasolburgdistrik bestaan uit twee stasiegebiede, naamlik Sasolburg en Viljoensdrift. Hierdie polisiestasies ressor=teer onder die Noordoos-Vrystaatse afdeling met sy hoofkwar=tier op Kroonstad (Sasolburg-polisiekantoor, 1980).

10.2.4 GEVANGENISSE

Die Groenpuntgevangenis wat op Vrystaatse grondgebied net suid van Vereeniging geleë is, is die kommandementshoofkwartier van die gevangenisse van die hele Vaaldriehoek. Hierdie ge=vangenis neem langtermyngevangenes van oor die hele land in en is dus in dié opsig nie slegs vir die Vaaldriehoek bedoel nie.

Behalwe die Groenpuntgevangenis is daar nog 'n gevangenis in Vereeniging en een in Sasolburg. Hierdie gevangenisse se opnamegebied is die hele Vaaldriehoek - insluitende die Swart woongebiede. Albei hierdie gevangenisse is binne die Groen=puntkommandement geleë en word dus beheer van die Groenpunt=gevangenis af (Bevelvoerende offisier, Groenpuntgevangenis, 1980).

10.2.5 POSWESE

Die Vaaldriehoek val as geheel binne die Vereeniging-posdis=trik wat die dorpe Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg, Meyerton, Volksrust, Standerton, Heidelberg, Grootvlei, Balfour en Carletonville insluit. Hierdie gebied staan onder beheer van 'n streekbestuurder wat sy kantoor op Vereeniging het.

Die streeksentrale op Vereeniging hanteer telefoonverbindinge vir Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg en Meyerton (mededeling, Benade, 1980).

'n Verdere bewys dat Sasolburg as 'n integrale deel van die Vaaldriehoek deur die Regering beskou word, is die plasing van die dorp in die Vaaldriehoekse telefoongids met dieselfde skakelkode as Vereeniging en Vanderbijlpark.

10.2.6 SPOORWEë

Spoorverkeer in die Vaaldriehoek word voorsien deur die Departement van Vervoer.

Vereeniging, Meyerton en Sasolburg het elk hul eie stasie wat onder beheer staan van 'n stasiemeester. Vereeniging se stasiemeester staan verder in beheer van die kleiner stasies in sy munisipale gebied, naamlik Redanstasie, Leeuhofstasie, en Houtheuwelstasie (wat onder andere die suidelike gedeelte van Sebokeng bedien) asook die Yskorgoederewerf en die Spoor=weg-padvervoerdiens wat in Vanderbijlpark gesetel is.

10.2.7 PAAIE

Paaie is die gesamentlike verantwoordelikheid van die Sentrale en Provinsiale Owerhede. Die Sentrale Owerheid is egter verantwoordelik vir die finansiering, bou en instandhouding van die brûe oor die Vaalrivier asook die finansiering van die nasionale paaie in die gebied.

Die drie padbrûe wat die Sentrale Owerheid oor die Vaalrivier gebou het, lewer 'n belangrike bydrae tot groter wedersydse toeganklikheid tussen die Transvaalse dorpe van die Vaaldrie=hoek en Sasolburg. Die nasionale deurpad wat Vereeniging en Vanderbijlpark verbind, speel 'n sleutelrol in die Vaaldriehoek.

10.2.8 DIE ORANJE-VAAL-ADMINISTRASIERAAD

Met die instelling van die Vaaldriehoekse Administrasieraad (tans bekend as die Oranje-Vaal-Administrasieraad) in 1972, het die Swart woongebiede van die Vaaldriehoek wat voorheen deur die onderskeie plaaslike besture geadministreer is, te wete Sebokeng, Evaton, Residensia (Bestuursraad van Sebokeng), Boipatong en Bophelong (Vanderbijlpark), Sharpeville

(Vereeniging) en Zamdela (Sasolburg), onder die Raad se beheer gekom.

Die voorsiening van huisvesting in die Swart woongebiede is die verantwoordelikheid van die Sentrale Owerheid wat deur die Departement Gemeenskapsbou lenings aan die Administrasie= raad beskikbaar stel vir die oprigting van huise sowel as dienste.

Die hoofkantoor van die Administrasieraad is gesetel in Sebokeng en staan onder beheer van 'n hoofkommissaris. Daar is takkantore onder 'n dorpsbestuurder in elk van die Swart woongebiede van die Vaaldriehoek. Die takkantore ressorteer almal onder die hoofkantoor. Die Oranje-Vaal-Administrasie= raad oefen dus beheer uit oor al die Swart woongebiede van die Vaaldriehoek.

10.2.9 ONDERWYS

Volgens seksie 85 van die Suid-Afrika Wet van 1909 is die Sentrale Owerheid verantwoordelik vir tersiêre onderwys, tegniese skole, huishoudskole, spesiale skole vir blindes en dowes asook die onderwys van die Indiërs, Kleurlinge en Swartes (Cloete, 1978, p. 20).

Die Vaalrivierse tak van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, die Technikon, die tegniese skole en die skole vir Indiërs, Kleurlinge en Swartes in die Vaaldriehoek ressorteer dus almal onder die Departement van Nasionale Opvoeding in Pretoria. Daar bestaan geen afson= derlike beheerliggaam vir die Vaaldriehoek nie.

10.3 STAATSKORPORASIES

10.3.1 KRAGVOORSIENING DEUR EVKOM

Die aanwesigheid van steenkool het meegebring dat verskeie kragstasies in die gebied opgerig is. Hierdie kragstasies is mettertyd ingeskakel by die Elektrisiteitsvoorsienings= kommissie (Evkom) se nasionale kragnetwerk.

Evkom is verantwoordelik vir die voorsiening van elektrisiteit aan al die dorpe van die Vaaldriehoek, en voorsien ook - op 'n regstreekse basis - elektrisiteit aan verskeie groot nywerhede in die onderskeie dorpe. 'n Distriksuperintendent, gesetel in Vereeniging, is in beheer van kragvoorsiening en instandhouding in die hele Vaaldriehoek.

### 10.3.2. WATERVOORSIENING DEUR DIE RANDWATERRAAD

Die Randwaterraad het prakties gesproke beheer oor die verskaffing van al die water wat in die PWV-gebied gebruik word. Al vier dorpe van die Vaaldriehoek asook die Swart woongebiede is dus geleë binne die Randwaterraad se watervoorsieningsgebied. Watervoorsiening aan die hele Vaaldriehoek geskied vanaf die Vereeniging-pompstasie van die Randwaterraad en staan onder beheer van 'n superintendent met sy kantoor in Vereeniging.

Yskor en Sasol 1 het ook hul eie pompstasies aan die Vaalrivier wat 'n gedeelte van die fabrieke se water voorsien. Albei fabrieke word egter ook deur die Randwaterraad van water voorsien. Sasol 1 het aanvanklik water aan Sasolburg gelewer, maar in April 1964 is hierdie taak deur die Randwaterraad oorgeneem.

## 10.4 PROVINSIALE OWERHEID

### 10.4.1 PAAIE

Paaie-administrasie is 'n provinsiale diens en staan onder beheer van die paaiedepartement van die verskillende provinsies. Die beheer oor die paaie van die Vaaldriehoek ressorteer dus onder twee paaiedepartemente, naamlik die Transvaalse Paaiedepartement en die Vrystaatse Paaiedepartement. Vereeniging, Vanderbijlpark en Meyerton val binne die Vereeniging-substreek van die Transvaalse Paaiedepartement. Hierdie substreek sluit die landdrosdistrikte van Vereeniging (wat Meyerton insluit) en Vanderbijlpark in. Die Vereeniging-substreek staan onder die beheer van 'n senior paaie-superintendent met sy kantoor in Vereeniging. Alhoewel Sasolburg

nie by die eenheid van die drie Transvaalse dorpe ingesluit word insoverre dit paaie-administrasie betref nie, is die dorp ingesluit in die beplanning van paaie in die Vaaldrie= hoek en die PWV-gebied as geheel.

In 1973 het die Transvaalse Paaiedepartement die beplanning van die PWV-padnetwerk, bestaande uit 'n deurpad-raster onder= steun deur 'n netwerk van sekondêre paaie (K-paaie), aan 'n firma van raadgewende ingenieurs toegeken tesame met 'n streeksvervoerstudie (Hoffman, 1980, p. 2). 'n Beoogde netwerk is toe opgestel om te voldoen aan 'n basiese rasterpatroon met inagneming van die vroeër aanvaarde deurpadnetwerk, topogra= fiese beperkings, omgewingsfaktore en algemene ontwerpstan= daarde, soos spasiëring van deurpaaie en wisselaars. Daar is deurentyd met plaaslike owerhede geskakel ten einde koördinering van hoofpaaie te bewerkstellig.

Ofskoon die PWV-padbeplanning deur die Transvaalse Paaiede= partement onderneem is, is Sasolburg ingesluit in die studie met die goedkeuring van die Vrystaatse Administrasie aangesien dit 'n integrale deel van die PWV-gebied vorm.

Die aanvanklike PWV-padnetwerk is in 1974 gepubliseer vir kommentaar en 'n gewysigde netwerk in 1975, waarna dit deur die Administrateur in Uitvoerende Komitee aanvaar is om te dien as riglyn vir toekomstige ontwikkeling.

### 10.4.2 PROVINSIALE ONDERWYS

Seksie 85 van die Suid-Afrika Wet van 1909 maak daarvoor voorsiening dat die provinsies beheer sal hê oor die opvoed= ing met die uitsondering van tersiêre opvoeding, tegniese skole, huishoudskole, spesiale skole vir blindes en dowes en die opvoeding van Indiërs, Kleurlinge en Swartes wat onder die Sentrale Owerheid sou ressorteer (Cloete, 1978, p. 20).

Op die terrein van provinsiale onderwys dien die provinsiale grens (die Vaalrivier) dus as skeiding vir administrasie van die Transvaalse en Vrystaatse skole. Die Transvaalse

provinsiale skole in Vereeniging, Vanderbijlpark en Meyerton val binne die Vereeniging-streek van die Transvaalse Onder=wysdepartement. Hierdie drie dorpe val onder die beheer van die Skoolraadskantoor in Vereeniging met 'n streekinspekteur as hoofbeampte. Eenheid op opvoedkundige gebied in die Vaal=driehoek is dus beperk tot die drie Transvaalse dorpe.

Sasolburg se provinsiale skole ressorteer onder die Skool=raadskantoor van Parys.

### 10.4.3 HOSPITAALDIENSTE

Die Blanke en Nie-Blanke hospitale in Vereeniging en die hospitaal in Vanderbijlpark val onder die beheer van die Pro=vinsiale Administrasie van Transvaal, terwyl die hospitaal in Sasolburg onder die beheer van die Provinsiale Administrasie van die Vrystaat val. Die hospitale vir Swartes in Sebokeng en Zamdela en die klinieke in Sharpeville, Boipatong en Bop=helong staan onder beheer van die Oranje-Vaal-Administrasie=raad.

Wat die provinsiale hospitale betref dien die Vaalrivier dus as skeiding vir administrasie. Tekens van eenheid word egter wel aangetref in die vorm van 'n onderlinge mondelinge hulp=skema om ambulanse beskikbaar te stel tydens noodsituasies, die gebruikmaking van spesialistebehandeling in Vereeniging se hospitaal deur die hele Vaaldriehoek en die gesamentlike gebruik van Vereeniging se hospitale deur Vereeniging en Meyerton.

Wat gesondheidsdienste vir Swartes betref bestaan daar ge=meenskaplike administrasie vir die Vaaldriehoek.

### 10.4.4 VERKEER

Die beheer van verkeer op buitestedelike paaie ressorteer onder die provinsiale verkeersdepartemente. Wat verkeers=beheer betref dien die provinsiale grens dus as skeiding tussen die Transvaalse dorpe van die Vaaldriehoek en Sasol=burg.

Daar bestaan 'n eenheid tussen die drie Transvaalse dorpe asook Sebokeng wat die beheer van verkeer op buitestedelike paaie betref aangesien hulle almal binne die Vereeniging-verkeersdistrik val. Die kantoor van die Vereeniging-ver= keersdistrik is in Vereeniging.

Sasolburg ressorteer onder die Noordoos-Vrystaatse verkeers= distrik met sy kantoor in Kroonstad.

Skakeling tussen die twee verkeersdistrikte vind wel plaas in die vorm van wedersydse uitruil van inligting (provinsiale verkeersafdeling, Vereeniging, 1980).

## 10.5 PLAASLIKE OWERHEID

Die dorpe van die Vaaldriehoek beskik elk oor hul eie stads= raad en munisipaliteit wat verantwoordelik is vir die voor= siening van dienste aan die inwoners. Die aard van hierdie dienste en die samewerking wat daar op hierdie gebied bestaan, kan as volg opgesom word:

### 10.5.1 STRATE

Die voorsiening van strate binne die munisipale grense res= sorteer onder die munisipaliteit van elke dorp. Die munisi= pale owerhede maak gebruik van geldelike hulp van die Staat en Provinsiale Owerhede vir die verbetering van die straat= netwerk (Cloete, 1973, p. 155).

Samewerking op hierdie gebied kom die huidige stadium slegs tussen Vereeniging en Vanderbijlpark voor waar die stedelike straatnetwerk in 'n aantal gevalle by mekaar aansluit.

### 10.5.2 KRAGVOORSIENING

Al die dorpe is by Evkom se kragvoorsieningsnetwerk ingeska= kel. Krag word deur die munisipaliteite van Evkom aangekoop.

By die hoofsubstasie van elke dorp word die ontvangde hoog=spanning tot die verlangde laagspanning verlaag en deur die munisipaliteit van elke dorp versprei

### 10.5.3 WATERVOORSIENING

Al die dorpe is geleë binne die Randwaterraad se watervoor=sieningsgebied met sy pompstasies in die Vereenigingdistrik. Water word deur die munisipaliteite van die Randwaterraad verkry en in hul onderskeie dorpe versprei.

### 10.5.4 RIOOLWATERSUIWERING

Al die dorpe asook Sebokeng beskik oor hul eie rioolwater=suiweringswerke. Samewerking op hierdie gebied vind die huidige stadium slegs tussen Vereeniging en Meyerton plaas. Die huidige stadium (1980) is daar 'n oorbelading van Ver=eeniging se aanleg en word uitvalriool deur Meyerton se rioolsuiweringsaanleg gehanteer (Vereeniging-Munisipaliteit, 1980). Meyerton se rioolsuiweringsaanleg bedien die munisi=pale gebied van Meyerton en sedert 1980 ook die nabygeleë Kleurling- en Asiërwoongebiede van Vereeniging, naamlik Rust-Ter-Vaal en Roshnee. Die behandelde uitvloeisel word in die Fouriespruit ('n sytak van die Kliprivier) ontlas (Meyerton-Munisipaliteit, 1980). Vanderbijlpark, Sasolburg en Sebokeng se rioolwatersuiweringsaanlegte se ontwerpkapasi=teit is tans voldoende om in hul eie behoeftes te voorsien.

### 10.5.5 VERKEER

Die dorpe van die Vaaldriehoek het elkeen hul eie munisipale=verkeersafdeling wat beheer het oor verkeersaspekte binne die grense van hul eie munisipaliteite. Skakeling vind wel plaas in die vorm van wedersydse uitruil van inligting, wanneer probleme op interstedelike basis voorkom en met hof=sake en wetstoepassing (Döckel, 1980). Een maal per jaar is daar ook 'n sosiale byeenkoms van alle personeel in die Vaal=driehoek.

10.5.6 BRANDWEER

Die dorpe van die Vaaldriehoek beskik elk oor hul eie brand=weerdiens. Vereeniging het gedurende die vroeë vyftigerjare 'n brandweerdiens aan Vanderbijlpark verskaf. Eenheid op hierdie terrein kom slegs voor tussen Vanderbijlpark en Sebo=keng waar Vanderbijlpark se brandweer albei dorpe bedien.

Vereeniging is ten gunste van 'n gemeenskaplike brandweerdiens vir Vereeniging, Vanderbijlpark en Meyerton om die duplise=ring van duur brandweertoerusting uit te skakel. Die huidige stadium bestaan daar egter slegs 'n onderlinge mondelinge hulpskema tydens noodtoestande, (Rood, 1980; Sharpe, 1980). Die ooreenkoms blyk uitvoerbaar te wees soos die suksesvolle bestryding van 'n brand by Sasol 1 in 1980 (na 'n sabotasiepo=ging) deur veral Vereeniging se gevorderde brandweertoerusting, aangetoon het.

Behalwe bogenoemde brandweerdienste beskik verskeie van die groot nywerhede soos Sasol, Yskor en Usco oor hul eie brand=weerdienste. Daar bestaan egter 'n ooreenkoms waarvolgens die hulp van die munisipale-brandweerdienste ingeroep word tydens noodtoestande.

10.5.7 BURGERLIKE BESKERMING

Elke munisipaliteit behartig sy eie Burgerlike Beskermings=afdeling. Vanderbijlpark en Sasolburg het 'n ooreenkoms om mekaar te help in noodtoestande (Sharpe, 1980; Conradie, 1980). Vereeniging doen tans aanvoorwerk vir 'n radionetwerk vir Burgerlike Beskerming wat al die dorpe van die Vaaldrie=hoek asook die nywerhede sal insluit (Rood, 1980).

10.5.8 SLAGPALE

Kragtens die Wet op Abattoirs moet munisipaliteite slagpale oprig volgens die spesifikasies van die Sentrale Owerheid (Cloete, 1973, p.164). As gevolg van die hoë standaarde wat vereis word, vind baie munisipaliteite dit moeilik om slagpale van die vereiste gehalte op te rig en in stand te hou.

Daar bestaan slegs een slagpale in die Vaaldriehoek. Hier= die slagpale wat in Vereeniging geleë is, dien as streekslag= pale vir die hele Vaaldriehoek. Vereeniging, Vanderbijlpark, Meyerton en Sebokeng is ten volle op hierdie slagpale aange= wese. Sasolburg verkry die meerderheid van sy vleis van hierdie slagpale, maar maak ook gebruik van 'n aantal slagpale in Viljoensdrift en Wolwehoek omdat die eienaars daarvan ver= skeie slaghuiseop die dorp besit (Vereeniging-Munisipaliteit 1980; Sasolburg-Munisipaliteit, 1980).

10.5.9 BIBLIOTEEKDIENSTE

Al die dorpe van die Vaaldriehoek beskik oor hul eie munisi= pale biblioteek. Samewerking is in die vorm van interbi= blioteeklenings.

10.5.10 ONTSPANNING

Op hierdie terrein is daar weinig samewerking en elke munisi= paliteit voorsien hoofsaaklik in sy eie dorp se behoeftes. Tot aan die einde van 1979 was daar 'n ooreenkoms tussen Vereeniging, Vanderbijlpark en Sasolburg om hul verhitte swembaddens om die beurt vir twee maande (gedurende die koue maande) tot die beskikking van die ander dorpe te stel. Die doel van hierdie ooreenkoms was om koste te bespaar. Hierdie ooreenkoms het intussen verval. Vereeniging het egter reeds weer begin met onderhandelinge in dié verband (mededeling, Rood, 1980).

Sasolburg stel ook sy tartanbaan tot die beskikking van die ander dorpe vir groot atletiekbyeenkomste (Sharpe, 1980).

10.5.11 VLIEGVELDE

Die Vaaldriehoek beskik oor twee munisipale vliegvelde vir gebruik deur kleiner vliegtuie, naamlik dié by Vereeniging en Vanderbijlpark. Sasolburg beskik oor 'n landingstrook, terwyl Meyerton geen van hierdie fasiliteite het nie.

ŉ Vliegveld, om Vereeniging te bedien, is reeds in 1934 ten weste van die dorp gebou, maar aangesien die terrein metter= tyd feitlik deur dorpsontwikkeling omring is, is daar in 1975 ŉ aanvang gemaak met die aanleg van ŉ nuwe vliegveld ten noorde van die dorp. Aangesien die opstyg- en naderbane binne die beheergebied van die Lughawe Jan Smuts geleë is, kan dit nie verder uitgebrei word nie (Kantoor van die Eerste Minister, 1980, p.52).

Vanderbijlpark se vliegveld is ten weste van die dorp geleë. Hierdie vliegveld is in 1945 deur die Vanderbijlpark Landgoed= maatskappy (VESCO) aangelê en is in 1975 deur die stadsraad van Vanderbijlpark oorgeneem (Vanderbijlpark-Munisipaliteit, 1980). As gevolg van die toeganklikheid van hierdie vliegveld vir Sasolburg, word dit deur hierdie dorp verkies bo die vlieg= veld by Vereeniging. As gevolg van sy gereelde skakeling met Secunda maak Sasol 1 gereeld van hierdie vliegveld gebruik (Sharpe, 1980).

As gevolg van sy nabyheid aan die Vereeniging-vliegveld, maak Meyerton van hierdie vliegveld gebruik.

10.5.12 BUSVERVOER

ŉ Busdiens vir die Swart bevolking van die Vaaldriehoek word deur ŉ privaat maatskappy, Vaal Transport, met die samewerking van die munisipaliteite van die gebied behartig. Die hoof= kantoor van hierdie busdiens is in Vereeniging, met ŉ tak= kantoor in Sasolburg. Daar bestaan ŉ netwerk van busroetes wat die hele Vaaldriehoek insluit. Die bydrae van die munisipaliteite is in die vorm van die voorsiening van bus= haltes, bordjies en onderdak by bushaltes. Roetes word ook in samewerking met die verskillende verkeersdepartemente beplan.

Die voorsiening van ŉ gemeenskaplike busdiens vir Swartes in die Vaaldriehoek is ŉ belangrike erkenning van gebiedseenheid vir die gebied.

Aanvanklik het hierdie maatskappy ook 'n busdiens vir Blankes tussen die vier dorpe in stand gehou. Hierdie diens is egter swak ondersteun en die maatskappy moes die verliese van die Blanke-diens afskryf teen die winste van hul Nie-Blanke-diens. Die Sentrale Owerheid, wat die busdiens subsidieer, het egter vereis dat die Blanke-diens selfstandig moet voortbestaan. In 1976 is die Blanke-diens gestaak en is al die busse oorge= skakel na die Nie-Blanke-diens (mededeling, Conradie, 1980).

## 10.5.13 ONDERWYS

Die plaaslike owerhede van die Vaaldriehoek is nie direk be= trokke by onderwysadministrasie nie, maar samewerking op hierdie terrein kom wel voor. Daar was 'n gesamentlike poging deur die vier stadsrade om 'n Universiteit in die Vaaldrie= hoek gevestig te kry. Daar is ook gesamentlik besluit oor die ligging van die beoogde volwaardige universiteit vir die Vaaldriehoek, naamlik in Vanderbijlpark, vanwaar dit die hele Vaaldriehoek sal bedien (mededeling Conradie, 1980; Rood, 1980).

# HOOFSTUK 11.

# DIE KONSEP VAN "EEN STAD"

## 11.1 INLEIDING

Ginsburg (in Hayes, 1976, p. 6) en Hayes (1976, pp. 9-10) is dit eens dat die stad 'n idee of 'n konsep sowel as 'n fisiese entiteit is. Ginsburg (in Hayes, 1976, p. 6) stel dit verder dat die idee van "een stad" sal posvat onder die bevolking van 'n verspreide stad wanneer die funksies en aktiwiteite van die verskillende stedelike komponente so naby aan mekaar ge= leë is dat dit die rol wat afstand speel sal verlaag en wissel= werking tussen die stedelike komponente sal verhoog. Hy stel dit verder dat 'n gevorderde vervoer- en kommunikasiesisteem noodsaaklik is om die wisselwerking moontlik te maak wat noodsaaklik is om die konsep van een stad te laat ontwikkel.

Die voorafgaande ondersoek in die studiegebied het aangetoon dat die voorvereistes wat Ginsburg stel vir die ontwikkeling van wisselwerking en die gevolglike ontwikkeling van die idee van een stad, reeds in die Vaaldriehoek aanwesig is. Die kwessie van die idee van "een stad" moet dus beslis aandag geniet.

Die vraag of die Vaaldriehoek deur sy bewoners as "een stad" beskou word, is op twee maniere benader, naamlik:

1. Die siening van die owerhede in die gebied in hierdie verband.
2. Die siening van die bevolking.

In eersgenoemde geval is die nodige inligting verkry uit koe= rantberigte, kongresse oor die Vaaldriehoek en gesprekke met voorsitters van bestuurskomitees en stadsklerke in die gebied.

Die siening van die bevolking is verkry deur vrae in hierdie verband wat in die bevolkingsvraelys ingesluit is (vgl. Bylae 2).